


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- Verhale — Jan Rabie.
- Gedigte — D. S. MacDonald, J. Nel v. d. Merwe, P. J. Engelbrecht, Willy Spillebeen, Engemi Ferreira.
- Artikels: Johan Lohmann, Abel Coetzee, Jan Bouws.
- Letterkundige artikels — Barend J. Toerien, Andre Demedts, B. le Roux, P. D. van der Walt.
- Letterkundige „Gallup”-opname — L. Vandenbrande.
- By die Jongeres.
- Oor Boeke.



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe,
M. S. B. Kritzinger,
B. Kok,
André Demedts,
W. A. de Klerk,
J. J. Brits,

J. Kromhout,
C. Fensham,
F. A. Venter,
Abr. J. de Vries,
A. J. J. Visser,
André Brink.

Junie 1962

Jaargang 12

Nommer 2

Intekengeld: R2.00 per jaargang, posvry.

- Let wel:*
- a. **Alle kopie** vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.
 - b. **Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies**, word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

I N H O U D

	<i>Bladsy</i>
"HOE SÊ, NEEF?" Abel Coetzee	1
VEREENSAAMDE, D. S. MacDonald	3
FOSSIELE-LIEFDE, Jan Rabie	7
BOER VAN DIE SUIDE, J. Nel v. d. Merwe	11
VERSE VAN RICHARD WILBUR, Barend J. Toerien	13
DIE WANDELENDE JOOD, P. J. Engelbrecht	21
DIE OOP GESPREK, Johan Lohmann	24
KERNEN, Willy Spillebeen	31
NEDERLAND EN VLAANDEREN, André Demedts	33
GEDIGTE, Engemi Ferreira	39
IS DIE SUID-AFRIKANERS MUSIKAAL, Jan Bouws	40
DIE BRUINMENS IN DIE BALLADE VAN DIE GROOT	
BEGEER, B. le Roux	43
'N VLAAMSE HEIMATKUNSTENAAR, P. D. van der Walt	48
BY DIE JONGERES	53
LETTERKUNDIGE "GALLUP"	72
OOR BOEKE	73

Foto: Hendrik Conscience, geb. 1812.

KORREKSIE: Bl. 58, kol 2, r. 20, v.o.:
Motherland moet lees *Montherlant*.

“HOE SÊ, NEEF?”

Ek het in 'n wêreld groot geword wat in menige opsig 'n bietjie snaaks was. Een van die snaaksighede was dat my wêreld se mense nie bang was om hulle mening te lug oor enige saak onder die son nie — reg of verkeerd.

Dit was daar op die voorposte van die verre Wes-Transvaal, voor die koms van die elektriese lig, nog in die dae van lampolie en vetkers.

Orals in ons buurt, waar 'n skooltjie was, het daar debatsverenigings bestaan. En elke keer as dit volmaan is, sodat mens die sandpad kon sien, het die mense van heinde en ver saamgekom met mening, en hulle het samesprekings gevoer oor alles op die aarde en in die water onder die aarde. Hulle het debat gehou totdat die maan hulle gedryf het om weer tuiswaarts te keer: is 'n baiesukkel beter as 'n perd; moet vrouens predikant kan word; is plaasnooiens te verkies bokant dorpsevas; moet vaders ook hulle dogters laat “leer” — almal sake wat vir die bestaan van die tydsmens belangrik was.

Na ons mense swaartillend of lighartig geredeneer, gekorswil en gestry het, het ons gestem oor die saak, en groot was ons vreugde as ons kant “gewen” het. Daarna het die voorsitter, gewoonlik die besadigde “Meester”, 'n opsomming van al die redenasies gegee met aanduiding van wat redelik en wat onredelik was. So het die gemoedere weer bedaar en almal was gereed vir die “joernaal” waarin sonder aansien van die persoon gejl is met die oortredings van die gemeenskap in die afgelope maand terwyl die maan donker was.

Iewers tussen Wes-Transvaal en nuwejaar het sake verander. Nou leef ek in 'n ander wêreld. Die volmaan sien ek selde, weens die elektriese lig. Lampolie en vetkers en debatsvereniging is opgedoek as oortollige rommel, so ouderwets soos verlede jaar se puntskoene van ons vrouens. Die plek daarvan is ingeneem deur motor, sentrale skole, koshuislewe, bioskoop, radio, toustaners en ruimtevlug.

Die debat en joernaal is vervang deur tydskrif en koerant en 'n “Nasionale Regering”. Hulle sal sorg dat alles regkom sonder dat ons ooit nodig het om ons monde “open te deed” — soos een bebaarde ou vader op 'n maanligaand met spoggerige Nederlands betoog het.

In pleks van 'n lewendige geestelike paraatheid en 'n gladde

bedrewenheid met die tong, het ons 'n Patterjotse agting ontwikkel vir die geskrewe woord, 'n primitiewe eienskap waardeur ons mislei word om te glo dat alles wat in druk staan die waarheid moet wees, net omdat ons dit dan konsuis met ons oë kan sien. 'n Mens moet mos jou oë kan glo!

Hierdie gedagtes kom onwillekeurig by my op na aanleiding van die lewendige reaksie van ons lesers wat gevolg het op die menings wat veral die afgelope jaar in ons Tydskrif uitgespreek is. Baie medewerkers — wat alleen verantwoordelik is vir hulle menings en nie ook die Tydskrif nie — het dinge gesê, moontlik met opset gesê om verset uit te lok maar wat darem al 'n bietjie muf geword het. Dit het gedawer soos ons lesers gryp na pen en papier om ernstig of gekskerend die onderskatting van ons intelligensie aan die kaak te stel, en die arme redaksie moes ekstra hulp inroep . . . om die Egiptiese stilte te verdryf!

“Hoe sê, Neef? Het ons mense hulle verweer met argumente?”

Aikôna, ons mense het nukkerige, swygsame stemvee geword. Hoogstens sê een ou: Hoe dink hy, wie is hy? En 'n ander een sê neerhalend: Sokke snert! En daarmee is dit uit. Nee, ons laat dit aan ons koerante en tydskrifte — manne wat daarvoor betaal word — om so 'n snuiter op sy plek te sit. Of die “Nasionale Regering” sal wel weet om met sy gal te werk. Self is ons so gehipnotiseer deur die gedrukte woord dat ons slaafs daarin berus.

Is dit by gebrek aan eie insig, eie oortuiging dat ons swyg? Of het ons te gewoonnd geraak aan en verwend deur ons koerante en regering wat alewig ons dinkwerk vir ons doen? Of albei?

“Hoe sê, Neef?”

D. S. MACDONALD:

VEREENSAAMDE

*Soms moet mens buite tussen mense wees,
buite eie alleenheid binne vreemde vreugde,
die veilige stilte van jou eensaamheid
net 'n oomblik betrag en die deur sluit.
Dan sluit jy vir 'n wyle jou stilte uit
en laat wyer stiltes, soepeler, aanlokliker,
met wye teue deur jou lange dring.*

*Die vereensaamde het traag, half behoedsaam,
uit sy eie gekose afsondering getree,
gewik en geweeg oor klein beleefdheidsdinge,
gewonder of alles dalk so gesellig tuis,
so natuurlik soos die tik van sy huis-oorlosie is.*

*En toe, tussen ongemaklike sit en gedwonge woord,
het hy opeens na sy eie stille voorhuis verlang,
besluit om liewer later met glasier in die hand
in veilige stilte dié soete bedwelming te smaak.*

*"Dis lanklaas dat ek soveel gedrink het . . .
nee, skink maar gerus . . ."*

*Die gasvrou loop gesellig-geselsend rond,
haar sjarme en glimlag almal bindend,
trakteer elk na sy smaak,
ontsteek met gulle woord spontane gelag
en jy lag saam, net maar so . . .
hy lag ook, stol skielik asof hy in die wyn stik.*

*O, dis salig om tussen mense te wees,
maar dalk soeter in jou kamer alleen . . .*

*'n Vriendelike vrouegebaar ruk hom uit sy getob,
klein gemeenskaplikheid soos tert of koek,
iemand verder af lag, hy kyk behoedsaam soontoe,
maar dis 'n private gesprek en grappie . . .
verlig straal sy dorstige oë oor vrouegelaat,
kartel haar hare-netheid golfies in sy siel.*

*Dit praat en dit lag oor nietighede,
dit groei tot 'n volheid van baie gesels
met pligplegende woordjies en glasies se klink.*

*"Kom ons dans wat," sê sy gedagtes spontaan,
maar 'n slukkie wyn sluit sy lippe betyds,
en betyds raap iemand anders haar op
dat hy verlig en effens beteuterd behaaglik
met effense weemoedsblik terugsak in sy stoel.
In gedagte, saans in eensame ure,
het hy dikwels so tussen mense verkeer,
elke nuanse van hul gesels harmonies met syne,
dikwels sjarmant soos die gasvrou is
gesprek en gelag getooi tot huislike vreugde.*

*Maar hy wil nêrens as hier wees nie,
vanaand met alles daarbinne so wellewend,
wyn wat hartseer en hartstog bind
soos die gasvrou elke gas tuis laat voel.*

*Dis nou al lankal stil om sy huis,
die straat teen die tyd verlate,
vaag die straatlamp se skyn teen sy ruite.
En soms, so dikwels soms, met die sluimer ver,
staar hy deur venster na die sterre buite,
ja, nou reeds sit daardie ster al doer . . .
dan weet hy hoe laat dit is, hoe lank
die nanag nog sal vertoef voor die dagbreek
en eerste vrolike voëlgekewetter hom bly verseker
dat die lang moeisame nag aan verbygaan is . . .*

*Peusel bietjie hier 'n southappie, daar 'n visgereg,
'n vrou darem met haar hand aan alles is anders,
en suur dink hy aan eie voorbereide maaltye.*

*„Vriende, vriende, nou die sjampanje,
daarna die verrassingsdis van die aand . . .”*

*So 'n gasvrou, so 'n aand, sulke vriende,
en in sy voorhuis tel die oorlosie die ure,
terg dit die stilte tot stiller stilte,
stamp dit dit ritme van jou eensaamheid oop.*

Toe sy hom weer terg oor 'n dansie,
vleg hy in lompe vreugde deur die gaste,
haar hare 'n geur deur sy verlange.
Ag, hy merk nie eers haar beleefde dankie
en die dankbaarheid dat dit verby is nie.
"Dankie, ook, dit was aangenaam,"
en so stroef sak hy in sy stoel terug.
Dit draai en wentel om hom,
van verstrooide eetgerei tot die lig,
van die lig tot op die tapyt.

"Ag, hoe is dit so stil in die hoekie,
daar's hope te eet, te drink en te geniet . . ."

Geen gasvrou is seker ooit eensaam nie,
met soveel te ete, te drinke, soveel vriende,
hy wonder oor vriende vanouds, lankal vergete,
gisteraand nog met album op sy knie.
ver vriendelikheid soet eensame glimlagte.
Die aand word voller en voller,
woorde rol uit sy mond ter wille van vroeër,
selfs 'n soentjie gewaag hier-en-daar.
'n vaste geselsende woord vir ander.
Sy kamer alleen nou is 'n kluis,
hier tob die lewe, daar staan dit,
staan dit sporadies bloeiende in vase
totdat dit verlep soos sy eie verlangens.

"Dis koel hier buite,
ek stik van die gepraat, geëet, gedrink,"
sê iemand wat amper so eenkant soos hy lyk.
gul gesels hul oomblikke lank buite:
"Ek wens ek was so ver as daardie berge,
vaag in die maanskyn sien jy hul silhoeëtte . . ."
Of hy ingesluimer het of net sy oë gesluit het,
soos dikwels saans tuis in salige vereensaming,
sal hy nie dadelik kon weet nie,
want 'n sagte hand op sy hand is soet,
laat warm bloed deur sy are deur sy hart stroom
dat dit sy bedwelming verkoel . . .

"So gou al pootuit . . . ?"

Innemende lag van die gasvrou,
sober na bedrywige aand stil langs hom,
afgekeer van pligpleging en hoflikheid
tot 'n menslike nabyheid warm teenaan hom.

"Pootuit? Nee, maar net ongewoon . . . ek bedoel . . ."

"'n Warm koppie koffie hierna . . .
dis wat almal nodig het . . . Mense . . ."

Ag, sy het so gou opgestaan,
'n arme gasvrou darem moet aan almal . . .

Hy staan sukkelende op.
Buite is dit seker koeler . . .
en ver buite in die maanlig . . .
ag, die maan skyn baie aande in sy kamer . . .
"Dag, nooientjie . . . nee . . ."
Hy strompel ook by haar verby,
sy, lewensvrolik nog, dag hy wou dans . . .
"nee, bietjie vars lug . . ."

maar buite . . .

O, mens moet buite kan wees,
buite waar alles altyd anders is,
veilig is . . .

"Ek staan nog maar steeds hier,
geniet my drankie in stilte . . ."
Maar woorde vir 'n mede-skumens vir vriende
kan hom in drank-ongemak nou nie traak nie.

"Ek gaan maar huis toe . . ."

By die tuinhekkie, met die kraak as dit oopgaan,
smelt sy eie stil lag oor homself daarmee saam.
"Is dit hoe 'n dronkman praat . . ."
Maar hy sê dit vir 'n leë straat,
en die motors aan rye aan die sypaadjie
skyn in lamplig en maanskyn alleen . . .
so alleen soos sy huis se gewels nou in stilte.

FOSSIELE-LIEFDE

Denise se lewe was so 'n woelige kringloop van vriende en partytjies, dat haar oë sag soos kerslig naas 'n invaliede se bed geword het toe sy Theo ontmoet. Sy het haarself voel week word met 'n smagtende behoefte om sy sieklike liggaam gesond te koester met haar liefde. Sy het begin droom sy brei truië vir hom.

Daardie selfde maand wys 'n huweliksfoto hoe sy groot en stralend van trots langs sy bleek onverskilligheid staan.

Hulle wittebroodsdae aan die kus was 'n mislukking. Liefde het Theo eerder kwaad gedoen: in daardie romantiese décor van palmbome en luie branders, het dit hom net 'n heftige aanval van asma besorg. Die derde dag kon sy sien hoe hy wegry in 'n ambulans, met 'n effense, nogal tevrede glimlag op sy gesig.

Terug in sy klein woonstelletjie in die stad, moes sy uitvind juis hoe 'n ongeneesbare man sy getrou het. In die eerste bitterheid van ontnugtering het sy selfs besluit dat hy net op sy siektes verlief kon raak; hy het al alles, vanaf masels tot *peritonitis*, gehad, en hy was jaloers op haar omdat sy eenmaal die geluk had om bosluiskoors op 'n plaas in die noorde te kry. Sy had al haar moed nodig om gewoon te raak aan sy morbiede en verspotte egoïsme, en om opgesluit in daardie groue woonstel te bly. Dit was propvol van sy antropologiese goed, kissies klipwerktuie, fossiele en bene, 'n doodshoof wat sy elke week moes opvryf, en die geraamte van 'n bobbejaan lewensgroot in 'n hoek. En bowe-al die glaskas langs die bed. Sy versameling mis-fossiele.

Dit, moes Denise uitvind, was wat hy die liefste in die wêreld had.

Op die seldsame geleenthede as haar oorblywende vriende nog kom kuier, het Theo wrewelig in sy leuningstoel langs die doodshoof gesit en kriel terwyl hy net wag op 'n kans om sy versameling fossiele te toon. Dan het hy sy stukkie mis die een na die ander gretig voor die dag gehaal.

"Kyk, jy kan sien dis 'n hardlywige eksemplaar," het hy soos 'n minnaar laat hoor. "En kyk net hoe hierdie een afgeknyp is . . ."

As die vriend net 'n beleefde waardering wys, het hy later met haar rusie gemaak.

Naderhand het sy die glaskas begin laak met 'n hartstog wat

sy nie voor hom durf verraai het nie. Maar sodra hy na sy laboratorium vertrek en sy alleen is, kon sy 'n doek daaroor gooi. Die vensters moes toebly ter wille van die kosbare bene: as Theo by sy terugkeer in die aand iets anders as 'n dik, bedompige lug ruik, het hy in 'n woede uitgebars wat hom laat hoers en hyg het. Dus het sy maar net agter die deur in die stille voorkamer gaan sit, en gebrei aan 'n helderkleurige trui, of in 'n kookboek gesoek vir spesiale geregies waarmee sy sy floue aptyt kon aanwakker. Met 'n koppigheid wat haar almeer uitput, het sy aanhou glo dat sy hom van sy morbiditeit kan genees en 'n normale man van hom maak.

Toe sy agterkom hoe suinig hy is, wou sy 'n deelydse werk gaan soek, maar hy het haar dit verbied. Hy was senu-tergend jaloers, hoewel hulle liefde omrede sy asma moes laat vaar. Elke keer as sy uit was, het hy haar elke besonderheid van waar sy was en wie sy gesien het, laat vertel. Sy het ál minder uitgegaan. Tog het sy nie daaraan gedink om hom te verlaat nie.

Hy had haar opreg nodig. Dit het gelyk of hy opleef as sy 'n drukte maak oor sy ongesteldhede, en sy was maar te bereid om sy kleinste danigheid vir 'n bewys van dankbaarheid en liefde aan te sien.

Maar eintlik wis sy nie waarom sy by hom bly nie, eintlik was haar gedagtes 'n dom dowwe massa van onbegrype soos dié wat 'n moedereend voel voor 'n kuiken wat verség om van water te hou. Dan het sy weer koppig en gefascineer van vooraf oor probeer.

Soms, alleen in die woonstel, het haar sin vir humor teruggekeer, en kon sy hardop lag. Maar dan het haar sterk jong liggaam só gespan dat sy nie kon ophou voor sy uitasem en histeries was nie. Een aand, kort voor hy na die Bultkrans-opgrawings in die Bosveld sou vertrek, terwyl hy sit en wonder oor sy kanse om ook bosluiskoors te kry, het sy skielik oor-geleun om hom te streel en smekend te laat hoor:

"Ek wil 'n baba hê, Theo. Ek moet jou vertel... hoe... Jy moet my 'n baba gee as ons troue nie verkeerd..."

"Nòg my salaris nòg my gesondheid laat my toe om 'n kind te hê."

"Maar ek kan 'n proef-baba kry... Van jou..."

Die vertwyfelde verwyd in haar stem laat hom net seur:

"'n Kind sal 'n vormlose sak van jou maak. Jy sal só lelik word dat ek nie langer na jou sal kan kyk nie, ek sal naard word as ek jou net sien!"

“Maar ek moet aan myself ook dink!” sê sy wild. “O, Theo, liefing!” En sy klem haar aan hom, geruk deur snikke en soene. Terwyl hy haar probeer wegstoot, lyk sy soos ’n groot blonde dier wat ’n kleiner donkerder een ten spyte van sy gespartel tussen vrolike sisblomme versmoor. Toe word hy bleek en glimlag.

“’n Baba interesseer my slegs as ek dit binne ’n glasfles sien.”

Sy sink onnosel op haar knieë, en ’n ruk vorm haar mond strak ’n woord:

“Jy . . . ! Jy’t net walglike dooie dinge lief! Jy haat die lewe! Jy wil net siek wees, jy wil my net as getuie hê . . . om my te verneder! Jy’t my nie nodig nie! Jy soek ’n siekte waaraan jy kan doodgaan!”

Terwyl hy oor sy hele lyf bewe, fluister hy: “Nee, ek het jou nodig. Ek het jou nodig, Denise!”

Maar sy hardloop die kamer uit.

Die volgende dag is sy weg, vasbeslote om nooit weer terug te kom nie.

Haar vriende het hul wyse koppe geskud terwyl hulle haar losies en ’n werk help vind en haar terug in ’n gesonde kringloop van vriende en partytjies dwing. Maar haar glimlag wou nie herstel nie: sy het gevoel haar nederlaag reik verder as net haarself. Ook het sy getrou aan hom gebly.

’n Maand daarna ontvang sy ’n telegram van die Pietersburgse hospitaal: NOU KAN EK OOK SPOG. TEMPERATUUR 103. Sy had ’n beeld van hom waar hy gebukkend deur lang leuukleurige gras beur en telkens sy arms uithou om ’n veelpotige bosluis daarop te laat kruip. Sy het gelag, effens hysteries, effens teer.

By sy terugkeer het hy haar heftig-verwytende briewe geskrywe waarin hy weier om ooit tot ’n egskeiding toe te stem. Een dag kry sy ’n kort nota:

KAN ONS NIE WEER PROBEER NIE? EK IS SO SIEKLIK, EK HET JOU NODIG OM VIR MY TE SORG. KOM SIEN MY MORE TYDENS DIE MIDDAGUUR BY DIE LABORATORIUM, IN MY NATUURLIKE OMGEWING. BRING JOU EIE TOEBROODJIES SAAM.

Sy het gegaan.

Die laboratoriums was aan die agterkant van die lykehuis. Sy moes deur ’n skrikwekkende kamer waar lyke met blou gesigte op marmertafels lê. Sy het gehardloop deur ’n lang wit gang. Toe sien sy Theo opstaan agter ’n werkbank met

sy kop geraam teen rakke vol glasbottels waarin miskraamde voorwerpe en wat sy beskou as miswasse manlike geslagsorgane, opgeswolle in alkohol drywe.

"O, hallo," sê Theo net, sonder om hom te verroer, of haar ontsteltenis skyn te merk. Sy dwing haarself om hom te gaan soen voor sy neersink op 'n bank. Sy dwing haarself om 'n toebroodjie te eet, terwyl sy skaars hoor wat hy omtrent die Bultkrans-grotte en sy bosluiskoors vertel. Sy hoor net dat die klank van sy stem nog ewe selfopgenome is, sonder selfbewustheid of ironie. Dan word dit trots en opgewonde soos wanneer hy oor die glaskas praat.

Sy sien hy hou 'n voorwerp uit na haar, en hoor hom verduidelik dat hy dié prageksempelaar gekry het op 'n diepte en in 'n geologiese- en fauna-verband wat die groot ouderdom daarvan bewys. "Dis só oud, en weet jy, Bremer stem saam met my dis dalk die mees outentieke nalatenskap tot dusver van ons submenslike oergrootjie, *Plesianthropus transvaalensis* . . . !"

Sy hou die fossiel-uitwerpsel, swarterig, dun en rond en lank soos haar hand waarop dit lê, terwyl sy voel asof sy kan huil en woorde uitroep. Want sy sien daar is geen spot in sy ernstige opgewonde gesig nie. Sy klem haar oë toe. 'n Sagte kreungeluid skyn van orals rondom haar te roep dat sy moet luister, tot sy skielik, verlossend dink: In elke oomblik is mense orals oor die hele aarde besig om mekaar te bemin!

Sy kan die aaklige fossiel neersit sonder om dit na die flesse op die rak te gooi, sy kan Theo weer aankyk.

Hy het niks gemerk nie, sien sy.

Toe weet sy. Hy weet maar net nie dat sy daar is nie! Dit gaan haar nie aan nie, sy is vry.

BOER VAN DIE SUIDE

Ab ovo usque ad mala . . .

Waar die Golf van Taranto krul onder die kuit van ons land
laat die treine, deesdae, ons aarde so skud dat selfs my katel,
erfstuk uit Pappa Perito se troue, my snags wakker ratel.

Vuil van steenkool, die sand toe ek haar met die noorderling
die nag op die strand . . .

Môre, Dokter, met dagbreek al hier? Weg, ek moet weg, almal
hier is gek.

Nie? Weer vertel, vertel . . .

Droogte het alles gevreet, net kalk om te maai,
het ons boere gespot. Honger hane skuur hul kele teen die
ooshek,

en daaroor, bly vere nes rook aan 't waai.

Ten weste kekkel henne net anderkant my heining
oor die grootte van die goedkoop eiers hoër noord. Noorde?
Uit die heup, uit die Alpe, boor die ysterpad, 'n voorbode, sê
ons oumense,

twee punte staal deur elke nes, maak iedere eier 'n vrot ding
om op te broei, die dop binnekant waar die haan moet drywe,
windhol.

Maar daar noord, Moeder Maria moet my hierdie sondeoorde
vergewe,

klop Eva in elke dubbeldoor wat uit elke flettermeid se mandjie
rol

as 'n man, glo kompleet nes hulle skewe toring
daar by Pisa, net skuins na hul kant toe wil-wil kantel.

Maar los die loopse spul.

Deur wortel van die appelboom knaag die mol
reg deur die klipfondament van ons familiehuis tot by my katel:
een besoeking na die ander deur ons winterkaalte, — dis om
te moor,

en dit alles na dié kruipers aangesluip gekom het suide toe.

Ook bo ons grond op oopgeskropte beddings lê die slakspoor.
plaagdrade wat kwylend herinner aan pes hoër op in die been,
noorde toe,

en ondergronds, oral, bly iets pik-pik deur die oog na die moer.
Daarom, daar by die rotse het ek vir haar en vir hom wat spoeg
op die boer . . .

O, Dokter, u luister nog, ek 't skoon vergeet.

Vanslewe had Oupa en Pappa Perito uithaler artappeloeste,
indertyd voor die skerpioen die hakskeen kom byt het, ja, toe
was ons uitgevreet,
die grond, die vroue, alles was geil, voordat ons aarde onder
die ysterperd moes bewe.
Wonder watter trooswoord oorle Pappa Perito deesdae sou
kon vind
vir my, — sy kinderloos kind.
Toe maar, Dokter, dis maar die knoffel wat trane maak.
. . . Daar in my nou barre suide,
dons op heden die heel eerste golf deur die dagbreek teen
die wind,
en net ekke weet gewis dat stukkies eierdop sal spoel oor 'n
tweeling kwal.
My woorde val mooi uit my mond, nè? Sien, sê mos, ek's g'n
mal.

BAREND J. TOERIEN:

VERSE VAN RICHARD WILBUR,

met opmerkings oor moderne Amerikaanse poësie

Die redaksie het my 'n keer gevra om te probeer Amerikaanse verse te vertaal. Die veronderstelling was seker dat, aangesien ek 'n jaar of twaalf in New York woon, ek teen die tyd 'n ekspert behoort te wees. Ek het protesteer, natuurlik weens luiheid en die feit dat vertaalwerk tog so onbevredigend is, veral as die Engelse oorspronklike maklik toeganklik is vir die Afrikaanse leser.

Hoe dit ook al sy, eendag het ek so langtand daaraan begin peusel. Gou was die ontdekking dat sekere digters verseg om hulle te laat vertaal, behalwe deur toegewydheid en langdurige aandag, dinge wat nie juis in my lewenspatroon aanwesig is nie. En om te vertaal moet mens veral simpatiek teenoor die skrywer se werk staan. Maar ander digters weer vertaal redelik maklik. So het Wilbur se verse min moeilikheid of moeite veroorsaak; daarom begin ek dus met hom in 'n reeks wat miskien ander digters sal insluit. 'n Mens kan nie toelaat dat Wilbur as verteenwoordigend van sy land se letterkunde hoog en droog alleen staangemaak word nie. Beskou dus die keuse van juis hom as eerste as toeval en arbitrêr.

"Die huidige Amerikaanse poësie" — dis nou 'n moeilike mondvul daardie om te verantwoord. Ek sal die hele spul verbyglip en alleen "enkele aanmerkings maak". Dis die maklike manier. Maar ek is tog nie lus om 'n deeglike artikel, enige artikel, te skryf nie, selfs al sou ek bevoegd gewees het. Ek is geen kritikus of kenner nie; ek lees alleen wat en wanneer ek wil en reageer sterk persoonlik. Bowendien is ek merkwaardig onbelese. Dis uiters selde dat ek 'n gedig lees wat baie langer as 'n bladsy is. Ek bieg in skaamte. Dus, synde gewaarsku, laat ons voortgaan . . .

Die huidige Amerikaanse poësie — om vir die tweede keer te begin — moet onder die rykstes van die wêreld gereken word. Daar is 'n stuk of 10-15 digters wie se werk mens nie anders kan as onder die voorste rang te reken nie. Onder die oueres — die meeste is nog lewend — noem ek Robert Frost, Ezra Pound, Wallace Stevens, William Carlos Williams, T. S. Eliot, John Crowe Ransome, E. E. Cummings, Louise Bogan, Hart Crane en Allen Tate. Hulle is almal daar heel voor, héél, héél voor. 'n Halwe kop agter hulle is H.D., Yvor Winters, Carl Sand-

burg, Marianne Moore en Archibald MacLeish.

Die noem van name is vervelig en verwarrend, maar ek weet nie hoe mens dit kan vermy nie. Dus vinnig die volgende, dié van die ietwat jongeres (veertigjariges plus) wat onder die héél voorstes plek inneem: Randall Jarrell, Robert Lowell, Theodore Rothke en Elizabeth Bishop. Kort agter hulle weer is Richard Eberhart, Robert Penn Warren, Karl Shapiro, W. Snodgrass, W. S. Merwin, Delmore Schwartz, Stanley Kunitz, en die digter wie se verse hier volg, Richard Wilbur.

Sommige van hierdie skrywers is nog taamlik onbekend in Engeland, en daarom ook in Suid-Afrika. Die meeste het die ouderdom bereik waarop hulle volledige of uitgesoekte gedigte gepubliseer is, dikwels in slapband; dus behoort hulle werk redelik bekombaar te wees in Suid-Afrika.

Ek wil nog noem die hoë standaard van ligte verse, soos bv. dié van Ogden Nash en Phyllis McGinley, en digters soos E. E. Cummings, Marianne Moore of Roethke skroom nie om soms minder ernstig te wees nie. In blaaie soos *New Yorker* vind ligte verse van baie hoë gehalte maklik ruimte. (Waar is die Afrikaanse blad wat ligte verse in ernstige lig sal beskou? Ons is so verbrands ernstig.)

Van blaaie gepraat; daar is 'n magdom wat poësie publiseer. Daar is dié van groot omset maar nie noodwendig van hoë standaard soos *Atlantic Monthly* of *Harpers*. Dan die werklik eersterangse blaaie wat poësie nie aan die einde van artikels of verhale indruk nie; blaaie soos *Paris Review*, *The Noble Savage*, *Partisan Review*, *New World Writing*, *Two Cities*, *Evergreen Review* en nog heel party meer wat taamlik akademies is en van minder belang en nie my koppietjie tee nie (soos *Kenyon Review*, *Virginia Quarterly*, *Texas Quarterly*, *Sewanee Review*, *Poetry*, ens., ens., en almal respektabel). Aan die einde van die lys moet ek noem die esoteriese eenjaar voëls, blaaie wie se name dit nie die moeite werd is om te noem nie; maar hulle is tog 'n teken van gesonde groei op letterkundige gebied. Dus: geen gebrek aan mark nie, en sekeres, soos *New Yorker* betaal fortuintjies vir 'n handvol reëls.

Nou ja, sal ek probeer om Amerikaanse poësie te definieer? Dis te wyd uiteenlopend. Daar's die suiwer klassisisme van H.D.; die jakobyne elegansie van die metafisiese John Crowe Ransome; die uiters aantreklike vorm-slorderigheid van Robert Penn Warren (wag tot die Afrikaanse kritici hom byloop! Hulle sal hom nooit vergewe of kleinkry nie); die Brusselse kantwerk van Marianne Moore; die o so roerende stuitghede

van die "Elizabethiaanse" E. E. Cummings; die merkwaardige samegieting van private gegewens met wyer allooi van Robert Lowell; die abstrakte, harde verse van Stanley Kunitz (wat baie herinner aan die Suid-Afrikaanse digter, Tania van Zyl, aan wie ek 'n wyer leserskring toewens. Nasionale Boekhandel verkoop haar bundel nou vir 'n appel en 'n ei). Dan is Ezra Pound of William Carlos Williams nog nie eens vermeld nie.

Hierdie digters is moeilik om te klassifiseer. Hulle beweeg nie in skole soos salm nie. Behalwe die "Fugitive" groep was daar nog min "bewegings" hier; op die oomblik is daar wel die San Francisco-groep, maar hulle het nog nie eersterangse werk voortgebring nie. Lesers ken miskien Ginsburg se *Howl*, die gedig wat die manifesto van hierdie beatniks is.

Oor vorm: die Amerikaanse digters stuit van geen vormeksperimentasie terug nie. Ou, ingewikkelde versvorms kom dikwels voor, die sestina veral. Maar behalwe die beatniks (soos dikwels verskyn in *Evergreen Review*) kom mens nooit of uiters selde die sogenaamde "vrye vers" teen. (Wat is gaande met die Nederlandse poësie? Na tien jaar of wat het ek onlangs weer Nederlandse poësie probeer lees, maar die mense gebruik geen leestekens, geen hoofletters, geen rym, geen stansa-vorm. Ek is baie outyds; dus behalwe Lodeizen en Hans Andreus sê ek aikōna vir hulle. Die Amerikaanse digters gebruik selfs hoofletters aan die begin van elke reël!

Die vanne van die digters gee 'n aanduiding van die verskeidenheid van hulle agtergrond. Tog skryf die meeste van hulle in die Angel-Saksiese tradisie. Hopkins en Yeats se spore lê diep — waar het hulle nie spore gelaat nie altans? As daar enige ander invloed gesoek moet word, is dit dié van die Franse letterkunde. Eliot, Pound, Williams en ander het sterk daartoe bygedra; maar die Amerikaanse letterkundige se kop staan na Parys in elk geval. Dink maar aan Scott Fitzgerald, Hemingway, Gertrude Stein, Henry Miller en die res. Parys se invloed is ook sterk merkbaar in die teater, of musieklewe (so word die Franse komponiste, les six, hier oorskat. Eers toe Stravinsky 'n jaar of tien gelede begin tas het na die twaalf-toon musiek het Berg of Webern skielik hier begin opgevoer geword; nou is die lug al amper te dik van Mahler en mens sug alweer na die Franse klaarheid). Letterkundige invloede van ander Europese lande is minimaal. Die Amerikaner (soos ook die Engelman) vind die "Angst" van die sentraal-Europeër onsimpatiek. Hy verstaan dit dan ook nie. Of, as hy dit verstaan, wil hy dit liever vergeet; dan is dit geweef in die herinnering van

sy ouers. Dus, Brecht, Attila Jozsef, Kafka en ander stemme uit die engtes het ongehoord hier verbygegaan.

Dis Parys, gemeng met die pioniers-Amerikaanse agtergrond, wat miskien aan moderne Amerikaanse poësie 'n elegansie, 'n sofistikasie en wêreldwysheid (maar nie daardie nihilistiese bitterheid van Brecht, bv., nie) verleen, en terselfdertyd ook 'n eerlike, viriele grofheid. 'n Digter van Engeland, land van taboes, sal en wil moeilik dergelike eerlikheid of liewer, uitgesprokenheid bereik. (Terloops, en nog 'n "aside": die Engelse poësie van vandag lyk my uiters skraal. Die "dertigers" van destyds lyk vandag baie tam by die herlesing en hulle produ-seer min. Al wat oorbly is die groot figuur van Robert Graves en enkele nuweres soos Ted Hughes. Twee ander grotes natuurlik was Dylan Thomas en Edwin Muir.)

RICHARD WILBUR is 41 en hoogleraar in Engels aan die Wesleyaanse Universiteit, Connecticut. Tot dusver het van hom die volgende bundels verskyn: *The Beautiful Changes* (1947), *Ceremony and Other Poems* (1950), *Things of This World* (1956) wat 1957 se Pulitzer-prys gewen het en wat tot dusver sy beste boek is, en *Advice to a Prophet* (1961), wat — verdoemende woord — geen "vooruitgang" op sy vorige werk vertoon nie (Moet digters altyd vorentoe gaan?).

Ek het Richard Wilbur in rangorde vlak onder die voorstes van die veertigjariges geplaas. Sommige plaas hom tussen hulle.

Ek bewonder sy werk, en hou daarvan; tog kan ek nie sê dat ek besonder lief is daarvoor nie. Vir my smaak ontbreek daar die element van die onverwagte, van verbasing. Hierdie kwaliteit het min te doen met 'n digter se formaat, en is onreg-verdige kritiek, dit besef ek; maar dit maak dat ek sekere digters se nuwe werk gretiglik koop en lees en andere s'n met toe oë laat verbygaan.

Dis netjiese, geordende werk hierdie, miskien te netjies. Die tegniek is konvensioneel: 'n voorliefde vir die kwatryn-vorm, vir rym en vir die reëlmatige, stadige ritme van bepeinsing. Selde is hier beelde wat vergesigte oopgooi. En ten spyte daarvan staan sy werk hoog uit tussen dié van baie ander, en juis daarom. Ek meen dis omdat dit eerlik is. Sy segging is aristokraties, mandaryns, en het 'n onverbondenheid met enige tydperk as sodanig; het 'n sweem van die onsterflike — iets wat tog hoog skaars is. Sy werk toon 'n wyd-belesenheid, en sekerheid van segging. As daar soms miskien 'n tikkie is van selfbewustheid of te veel boekgeleerdheid dan is dit die prys wat akademiese loopbang miskien verg.

So goed soos sy werk ook al is, het ek 'n nare suspisie dat baie van hulle nie lank sal bestaan nie. So baie van hulle roer mens eenvoudig nie en is vervelig. Daar is enkele groot verse, soos "Death of a toad" and "A voice from under the table". Hier bowenal is volmaakte beheer, beide oor die emosie as oor die segging. Luister na die bitter, ontgogelde stem van die een aan wie drank helderheid gegee het:

"How shall the wine be drunk, or the woman known?
I take this world for better or for worse,
But seeing rose carafes conceive the sun
My thirst conceives a fierier universe:
And then I toast the birds in the burning trees
That chant their holy lucid drunkenness;
I swallowed all the phosphorus of the seas
Before I fell into this low distress."

Dit is die eerste vers. Hier het sy vers iets van Yeats se sterk stem, se introspeksie. As dit nie om daardie nederigheid was nie sou mens dit as Roy Campbell kon gewaan het.

Ek het so pas gesê dat sy versvorm ietwat stereotiep is; die hierbo aangehaalde vers gooi my standpunt omver. Daardie subtiele half-ryme, daardie ingewikkelde konstruksie om een grootse gang te bereik "wil gedoen wees".

Sy *Death of a Toad* is ook eersterangs. Dis ook opwindend om sy gedagtegang hier te ontknoop. Ek kon dit nie heeltemal regkry nie, en het dus van hom verduideliking gevra vir die gebruik van die frase "castrate lawn" (wat ek vertaal het as "gesnyde gason" — lamlendig). Laat ek aanhaal uit sy brief.

"By 'castrate' I mean first that the lawn has been cut by a power-mower (mens kan dit toegee, maar hierdie soort van verpersoonliking van plantegroei laat my maklik krielrig voel); "beyond that, I am after a contrast between the general tameness of life in places where lawn-maintenance is thought important, and the primal energies which the toad stands for."

Het hy daarin geslaag? Miskien, veral noudat die saak aan my verduidelik is... Nee, allemintig, ek verseg om gesnyde gras te beskou as ontman (Gelukkig het "gesnyde" in Afrikaans albei betekenis — vir vertaaldoeleindes hier). Maar dit gee 'n beeld van die ingewikkeldheid van die man se gedagtegang. En ek hou van sy nederige en geduldige uiteensetting.

Vergelyking met Ernst van Heerden se "Dood van die Akkedis" uit sy bundel *Die Klop* is onvermydelik. Nie alleen

is die tema dieselfde nie — die verwonding van 'n reptiel wat dan die aarde se steenperiode en oerkragte en aldus ons oorsprong oproep — maar die versvorm is presies identies, insluitende die rymskema. Wilbur gee sy vers 'n moeilik-vertaalbare wisseling van spoed; die slot reëls is ietwat korter en daar is 'n springende ritme om die poëtiese dreun teen die gaan, wat die vers die klank van spreektaal verleen. Die hele vers altans lees maklik, verleidend maklik.

“A toad the power mower caught,
Chewed and clipped off a leg, with a hobbling hop has
got . . .”

Daardie “chewed” en “clipped” en “hobbling hop” en “has got” beeld meesterlik die verminkte padda se bewegings uit, met meegevoel en intense aandag waargeneem. En dis presies die Amerikaanse spraaktoon.

Ten laaste: 'n uitstekende inleiding tot die moderne Amerikaanse poësie is maklik verkrygbaar in Suid-Afrika; dis Geoffrey Moore se *Penguin Book of Modern American Verse*.

En nou enkele van sy verse.

DIE DOOD VAN 'N PADDA

*'n Padda deur die grassnyer-lem geraak,
Sy poot gekou en gekap, met 'n hortende hink bereik
Die blombedding en onder lowwe
Van die cineraria vind hy 'n holte
In die skadu van die vaal hartvormige blare, in 'n dowwe,
Lae en 'n finale koelte.*

*Die seldsame oer-hartebloed vloei,
Vervloei op die aard-vel, in die voue en rimpels, bloei
In die geute van geoewerde en starende oë. Hy wil
Skynbaar weer steen word mettertyd
En wagtend geluidloos, sterwe stil
Na 'n diepe eentonigheid.*

*Na mistige en oorkokende seë
En afkoelende kuste toe, na die ryk van verlore Amfibieë.
Die dag sterwe, verdrink en dan verdwyn
In die wye en antieke oë wat nog lyk
Of hul let hoe bo die gesnyde gason
Die uitgeputte daglig wyk.*

EXEUNT

*Die somer sterf stuk vir stuk;
Alleen 'n gousblom leef aan die veld se rand;
'n Laaste kleed van sonbrand druk
Op 'n grys klip van die land.*

*Skerp en kort is elke geluid;
Die veld het fïnaal die somer-hoogmis gekras;
Soos 'n verkrimpte lykswa kruip
'n Kriekie uit die droë gras.*

TWEE STEMME IN 'N KAMP

'N SYDISSEL

*Anoniem soos engele
Oor die krip van God
Swewe wit saadjies
Gebars uit my dop.
Voor ek oorgawe geleer het
Watter mag had ek?
Vernietig my, groot wind:
Ek sal die veld bedek.*

'N KLIP

*So ongemerk soos koeimis
Onder die krip van God,
Tot by my ore in grond,
Laat lê hier deur die noodlot.
Waarom sou ek roer? Om te roer
Hoort by 'n effe verlange.
Die hemel-drumpel sou instort
As ek sou lol met drange.*

DIE GEGRAWE NA CHINA

*"Ver, daaronder is China," het iemand gesê.
"Grawe diep genoeg en jy sal lug sien
So helder soos die boom van 'n put
Net dit sal werklik lug wees, maar anders.
Grawe dus af totdat jy afkom
op China! Nou ja, dis glad anders as New Jersey.
Daar's mense, bome, en huise en die res,
Maar baie, baie anders. Niks lyk dieselfde nie."*

*Ek het 'n grafie uit die pakkamer gaan haal
En soos 'n koelie het ek heeloggend geswoeg
Om 'n gat te graawe langs die seringboom,
Hande-vier-voet. Dit was soos bid,
Meen ek. Ek kon my hand sien dieper
In die donker graawe, en ek het hard probeer
Om 'n land voor te stel waar niks dieselfde was.
Die grafie het nooit tot blou deurgebreek.*

*Voordat die droom kon moeg word vir homself
was my oë reeds moeg van in die donker kyk,
my songebrande kop van onderstebo hang.
Ek staan op in 'n plek wat ek vergeet het,
Knypend my oë en duiselig wyl die wêreld draai
En my blink geboue wys, velde wat slaap
In helder lig, bome wat groei en verdwyn
In getye van blare, en die hele lug Chinese blou.
Totdat ek by my positiewe kom
Was alles wat ek sien net China, China, China.*

P. J. ENGELBRECHT:

DIE WANDELENDE JOOD

*Die stank van loibas en die slym,
brourels wat uit die looikuip stort,
het in die skemer werksvertrek vir hom
skielik walgend en te veel geword.*

*Met 'n growwe skelwoord het hy opgespring
en in die nou straat op die winkelstoep,
tussen die Jode van Jerusalem
laſenis in die soel middaglug gesoek.*

*Voor hom het die dronk gepeupel aangestu
soos water wat uit sterk riviere kom,
skuimend, met 'n oer en duister drif,
om Een met 'n spykerkruis gedrom.*

*Die vuur van Getsémané het nog gegloei
en by die winkeltrap het Hy gedwee —
— bewus van Golgotha se steiltes voor,
eers die bloedsweet uit Sy oog gegee.*

*“Gaan, waarom vertoef Jy nog?” het hy gevra,
toe 'n woede, besete deur hom gaan —
en met een magtige voorarmhou
Jesus struikelend in die grond geslaan.*

*Gebroke in die stof voor die winkeltrap
antwoord Hy gedemp vir hom:
“Inderdaad, Ek gaan, maar jy sal wag
totdat Ek eendag weer na hierdie aarde kom.”*

*Vir twintig eeue sleep hy nou die vloek —
skoemaak in Sasolburg of ou Milaan,
immer wyk die dood, en is hy lewensmoeg,
word hy slapend weer tot jeugdigheid geslaan.*

*Saans sal hy met klere wat na skoetsel ruik
gaan whiskey drink in die dorpskantien
of in 'n grootstad vir 'n oomblik voor 'n bioskoop staan
maar altyd, altyd beelde van die moeë Jesus sien.*

*Terwyl hy oorleer sny, polvye spyker,
prewel hy soms so onbewus en stom:
"Ek wou Hom nie laat rus . . . eendag . . .
totdat Hy weer na hierdie aarde kom . . ."*

MELANKOLIA

*Na jare van dors en droom
in die stad se konstellاسies van beton
het ek weer een wintersmiddag laat
op Pa se erfplaas aangekom.*

*In die witkleikloof by die kleiosgat
in die takke van die boerboonboom
wou ek net nog eenkeer weer
'n stukkie kinderspel herdroom.*

*Maar 'n enkele, late blaar
val sygend na die moederwortel terug,
en toe sterf die jeug se droomgebaar
voor die aantog van die winterslug.*

*Skemer skif 'n soet verdriet
die groot ou plaaswerf vol,
by middernag sal 'n sypelrype
bitter oor die soetgras stol.*

REDAKSIE

*Die swartman
en ek stoot
gelyktydig een oggend
ons kantore
se staalvensters oop.*

*Daarna het ons gebuk
oor blanko papier,
snedes in Sotho,
sketse in Zulu
uit 'n tikmasjien gepluk.*

*Later,
gemoedelik gefulmineer
oor hierdie of daardie
humane beleid, die vraagstuk
van kleur,
ou klewerige clichés herhaal:
die verwantskap van stamme,
patriargale gebruike,
die edele barbaar.*

*Maar
eenkant by die teedrink
het elkeen gedink:
broers is ons broers,
maar is hy
my Moeder se kind?*

HOOGLANSINGSPALE

*Aaneengestremel met geïsoleerde draad
stap hulle met die voelers van 'n draakdemoon,
een steier uit 'n mielieland orent
onder sy lading wisselstroom.
Skiet struikelend die laagte in
deur rooi kafferkoring, waar fisante skrop,
sny die heuwel uit — 'n runnikende streep
wat met gelaaide weerlig weggalop.
Op Pa se erfplaas roep hulle halt
en blits abstrak deur die skemerskyn,
waak bogronds oor 'n skat diep onder
in die abdomen van die Winkelhaakmyn.*

DIE OOP GESPREK

Die eerste man wat 'n oop gesprek gevoer het, was Jakkals. Dit het so gekom: Jakkals, die aartsskelm, het Tier se lêplek ontdek in 'n dooi boomstam wat oor 'n afgrond leun. Dié boomstam het Jakkals sommer van pure onderduimsgeid halfpad deurgesaag, en toe Tier diktevrede daarin klim, breek die gedoente en hy val hom byna ten barste op 'n kranslys.

Smoor kwaad loop hy toe en soek na Jakkals. Onverwags kom hy op hom af waar hy langs 'n lopies half aan die slaap sit en droom.

"A, nou het ek jou," juig Tier, en gryp hom vas.

Morsdood geskrik sê Jakkals: "Ag nee, Omie, moenie nou staan en moleste maak nie. Ek sit juis so ewe en wag dat die tiervelle moet sag week in die water dat ek kan begin brei."

"Wat se tiervelle! Bog man, jy maak sommer weer praatjies. Dis weer een van jou tweegat-streke."

"Nee Omie, dis wrintie waar. Kom kyk maar self in die water," nooi Jakkals. Hy is nou houtgerus, want hy weet as jy eers 'n kwaai man so ver het dat hy praat, is die ergste gevaar verby. As jy dan self jou woorde mooi gooi en jy hou aan die praat, kan hy sweer hy trek netnou aan die verkeerde punt van die stok.

"Kom kyk gerus, oom Tier."

Nukkerig kom Tier nader, kyk in die water, en skrik so vir sy eie beeld dat sy stert eintlik agter hom neerslaan in die stof. Hy vlieg kortom, en weg is hy.

Jare later het 'n ou Griek ook die manier van koudlei agter gekom. Eintlik het hy dit geleer by sy vrou, Xantippe, 'n fees van 'n skepsel wat nooit kon ophou neul oor dieselfde ding nie. As sy 'n ding wou, kon sy daelank aaneen klets daaroor totdat ou Sokrates om vaderswil maar moes kopgee en haar sin uitvoer of anders op die mat slaap. Sy het met hom al in die rondte gestry tot hy naderhand skoon dronk was, nes 'n kind wat te veel bakkies gedraai het.

Verslae en moedeloos het hy naderhand op die markplein gaan sit en gesels met ander ouens soos hy wat ook maar buitenshuis lug soek. Om die tyd om te kry, het hulle orals oor gesels, en dis toe dat Sokrates sy vrou se taktiek van aanhou neul oor dieselfde ding gaan toepas het op sy broeders in die verdrukking. Sommer vir die grap het hy enige ding gesê

net om die klomp aan die stry te kry. So het hulle byvoorbeeld op 'n dag gepraat oor die groot slawebevolking in Griekeland en die nadelige uitwerking wat dit het op die karakter van die jong geslag. Hulle wil nie werk nie; slawe-arbeid is benede die waardigheid van 'n edel Griek, en as dit só voortgaan sal die Grieke ondergaan.

Hierop het Krates, die ou met die boggel op die rug en 'n eie bloedneef van Sokrates, geantwoord: "Nog nooit nie. Die Grieke is 'n volk van die gode. Hulle is uitverkore deur Zeus en hy het 'n doel met hulle. As hulle ondergaan sal alle beskawing in Griekeland sterf en die kennis van Zeus sal verdwyn. Hulle sal so nooit ondergaan nie."

Uit korswil het Sokrates hierop gevra: "Hoe weet ons wat die wil van die gode is?" Niemand kon hom hierop antwoord nie. Toe sê ou Aristophanes, die ou met die harige bors en kuite, naderhand: "Mens kan altyd by die orakel van Delphi gaan vra."

"Bog," sê Sokrates, "wie van ons priesters kon nog ooit 'n orakelspreuk vooruit reg vertolk? Nee, ons glo maar net aan die wil van die gode. Sê nou maar dit is die wil van Zeus dat ons as volk moet ondergaan, en een van ons sou hom beywer om die Grieke te laat voortbestaan, dan sou dié persoon mos ongodlik wees. As Zeus ons ondergang wil, dan is dit mos elke gelowige se plig om die wil van Zeus te help deurvoer, of hoe sê ek?" So het hy hulle doodgesit, en nie eers Krates kon iets uit sy dik haarbos krap om daarteenoor te stel nie.

By 'n ander geleentheid het hulle stry gehad oor waarheid, oor werklikheid, oor skoonheid, oor goeie regering, en elke slag het hy hulle nors laat swyg omdat hulle eenvoudig nie sy vrae kon beantwoord nie en dan maar eindelik wrewelig swyg uit vrees dat hulle onkundig sou lyk teenoor die dwaas van die duisend vrae. So het hy hulle oortuig, teen hulle wil, dat vandag nie bestaan nie: Ons ken net more en gister, die hede is 'n oomblik wat reeds was terwyl dit word. Werklikheid? Almal kyk saam na 'n boom, elkeen dink wat hy sien is werklik. Maar elkeen staan op 'n ander plek terwyl hy kyk. Party is skeel, ander stipsienig, party is kort en ander lank. Elkeen sien op die manier iets anders. Watter een van die baie beelde van die boom is nou die werklikheid? Enige besonder beeld? Of is al die beelde saam die werklikheid, en indien wel, dan kan niemand mos die volle werklikheid sien nie, of hoe? So het hy hulle verwar om te glo dat die werklikheid tog seker iewers moet bestaan, maar dat niemand dié

ooit kan ken soos dit in sy eie aard is nie. Elkeen ken net sy eie werklikheid. Die manne was nors en dronk geslaan, want as jy nou 'n vyg uit Smirna eet, is dit tog werklik genoeg. 'n Vy is 'n vy in enige land en in enige taal, of jy nou mooi is of lelik. En as jy hom nou eet, is dit tog nie gister of more nie. Dis ook so of jy nou Dopper is of Filistyn.

Toe het hy naderhand die tandelose ou spul daar op die markplein so in die twee dat hulle hom gaan aankla by die volksvergadering: Hy sou dan beweer dat die Grieke nie bestaan nie, dat die gode hulle ondergang verlang, dat daar nie so 'n ding is as vye uit Smirna nie en as jy tog een het, kan jy hom nie eet nie want hy is nie werklikheid nie.

Die volksvergadering het hom skuldig verklaar aan ondermyning van die wil van die Grieke om Grieke te wees. Hulle het hom toe die keuse gelaat om òf tuis te bly by Xantippe, òf om die gifbeker te drink. Die werklikheid van Xantippe was so groot dat hy toe die gifbeker drink. En daaraan is hy dood. Nou is hy beroemd — om die gifbeker en om die stryery.

Verfyning in die kuns van die oop gesprek het egter eers gekom met Sheherezade. Daar was 'n ou ryk Pers, sja van sy volk, wat 'n mooi vrou gehad het. Maar dié was ontrou. Toe het hy 'n eed geëed dat hy elke nag 'n nuwe vrou sou neem en haar met dagbreek onthoof. Dit doen hy toe. En toe word die vrouens naderhand skaars en die Persiese volk word bedreig met ondergang. Toe kom een van die laaste mooi vrouens aan die beurt. En sy het 'n plan. Sy was die een wat hulle Sheherezade noem.

Toe die ou sja haar nou die aand na sy kamer toe dwing, begin sy hom 'n storie vertel, en naderhand luister die ou. Toe dit dagbreek is, was die storie nog lank nie uit nie, en die sja het die kopafkappery vir een nag uitgestel. Die volgende nag het dit weer so verloop. En elke nag daarna, vir 'n Duisen-en-een-Nagte. En toe het die sja darem al so 'n bietjie lief geword vir hierdie vrou dat hy die hele gedoente van die kopafkappery vergeet het. Ook maar goed so, anders was daar vandag niemand om die duisende vate olie aan Amerika te verkoop nie. Mens weet nooit waarvoor 'n wending van die geskiedenis ooit goed kan wees nie!

Maar dit was nie die einde van die oop gesprek nie. As'tware het dit toe maar net begin, want eers daarna is al die beroemde universiteite in die wêreld gestig. 'n Universiteit — vir diegenes wat dit nie weet nie — is 'n plek waar eindeloos gepraat word oor enige denkbare onderwerp onder die son.

Dit is soos 'n eindelose skinderpraatjie waaraan net mense deelneem wat alles weet of meen dat hulle alles weet. Daar is één voorwaarde: Nooit mag daar oor enigiets finaliteit bereik word nie, en niemand mag ooit daaraan dink om die praatjies om te sit in dade nie. 'n Universiteitsman handel net nie, daardeur verloor hy sy waardigheid en sy ganse geleerde aansien. 'n Daad is te konkreet, te finaal, en dit sou die oop gesprek onmiddellik beëindig — Schluss! Finisj! Fedilê! Klaar! Daarmee sou alle universiteite met 'n towerslag sonder werk wees. 'n Daad is so onherroeplik. 'n Beslissing is so 'n versteuring van die heelal. Om te doen, moet jy eers besluit. 'n Oop gesprek kan nie die beslissing of die daad verdra nie. Dis juis die doel van die oop gesprek om die daad te voorkom, om dit af te weer, soos 'n nuwerwetse inspuiting teen masels of pampoentjies. Dis so noodlottig om te besluit en dan te doen. Dink net aan al die werkloosheid en verydeling wat deur die daad veroorsaak sal word aan die derduisende universiteite om die ganse aardbol heen.

Maar nou moet ons darem bedink dat die sprekers van die oop gesprek sedertdien baie oulik geword het. Hulle dink nog altyd aan die lot van Sokrates met die gifbeker en Xantippe. Om iets dergelyks te vermy, bewimpel hulle nou 'n denkbeeldige gesprek tussen twee ouens: 'n slimme wat alles weet, en 'n ou houtkop wat klipsteen dom is. Deur die dom ou op die regte tydstippe in die oop gesprek die gewenste onnosel antwoorde in die mond te lê, kry die slim ou altyd die oorhand, en met 'n slag om die arm word die gesprek van vandag so gestaak dat jy more gerieflik kan vervat asof daar nooit gister oor die saak gepraat is nie. Nogal oulik: daar is geen beslissing nie, niemand word in die harnas gejaag nie, Xantippe en die gifbeker bly altyd vae skimme soos slegte gewetes en intussen gesels ons land en sand aanmekaar met die grootste skyn van deskundigheid.

Ja, en waaroor word daar nie alles gesels nie. Een ou — ek glo sy naam was Maltus of so — het gewys op die onheil wat op die mensdom wag deurdat die swakkes van gees aanteel en die intelligentsia nie. Ontman die swaksinniges en die wêreld is gered. Toe kom 'n ander ou — sy naam het ek skoon vergeet — en beduie hoe onmenslik dit is om so 'n ding te wil doen, so onliberaal. Gun aan elke mens om hom te vermaak op sy eie manier. Dis so eg 'n streek van die rykes wat die armes wil uitroei.

Toe swenk die gesprek en dit gaan naderhand oor die

vraag: Wie het die meeste kinders — die rykes of the armes? En wie het die meeste verstand — die Engelse of die Boere? En so het die gevaar van swaksinnigheid heeltemal vergete geraak en ook die naam van Maltus, en dit was net nog maar belangrik om te gis wie van die Sappe, Nattes of Progressiewes die setel Aasvoëlkop gaan verower — al het die meeste van hulle ook nie eers geweet wat AASVOËL beteken nie. Intussen teel almal maar aan terwyl net die onsedelikheid van die rykes beskimp word. Die rykes gee geen flenter om nie, want oor honderd jaar sal daar tog net nog staanplek wees op die aardbol, en dan druk die mensdom mekaar self dood, nes kakiebos wat te dik groei en dan in mekaar se geilte verstik. En wat sal dit dan baat om ryk te wees?

Toe hierdie gesprek nou dreig om die sensor se aandag te trek, het 'n ander ou, ene Darwin — Tjaals of so iets as hulle my reg vertel het — dan kwansuis ontdek dat mense van bobbejane afstam. Hy het reekse geraamtes en goeters ontdek wat duidelik die ontwikkeling wys. Maar op dié punt waar die bobbejaan van die krans afvoeter om onder in die kloof van die pure skrik regop te loop soos 'n mens, kon hy die geraamte nog nie van agter af inloop nie. Vir solank het hy toe maar gesê daar ontbreek 'n skakel. Toe swaai die hele oop gesprek in die rigting van die bobbejaan wat nog soek is met sy geraamte, en al wat leef en asem heef soek nou net geraamtes.

En die siekte van die oop gesprek versprei oor die ganse mensdom. Griek, Moor en Indiaan doen lustig daaraan mee. Die Verenigde Volke stel kommissies aan om oor ontwapening te praat, oor atoombeheer en oor ontkolonialisering — net soos 'n motorenjin wat ontkool word — en as die oop gesprek hier maar al te oop bly, dan bring een ou nuwe vertier in die slapte deur daarop te wys dat hulle geen besluite hoef te neem nie, want deur veelwywery onder die Bantoes en Indiërs in die Republiek word die blankes van self so uitgevoer dat daar geen hormoonbeheer nodig sal wees nie, want dis net so onliberaal om atoombomme te beheer as hormone en geboortes. Op daardie noot eindig die jaarlikse sitting en aanstaande jaar word die oop gesprek weer vervat op dieselfde plek as verlede jaar, want wie op dees aarde onthou nog wat verlede jaar gesê is. En in elk geval: die hede bestaan tog immers nie. Die bom van more sal nooit kom nie, en die een van gister is lankal verby.

Net soos die atoomsaksel, kom die siekte van die oop gesprek ook die lugruim van die Republiek binne. Op die onverwagste

plekke slaan dit uit, nes masels wat in die lug hang, of bek-enklou-seer wat geen agting het vir kordondrade nie. Elke dag vertel die radio aan duisende gretige luisteraars van verbode liefde. Die oop gesprek skuil daarin dat ons nie hoef te besluit of die liefde of die verbodgeid daarvan die groot aantrekkingskrag is wat die stommerike sommer vir vyf jaar aanmekeer laat luister sonder dat daar ooit 'n oplossing van die vraagstuk op die gesigseinder opdoem nie. Dalk kan dit wees dat liefde altyd verbode is, maar ook daarvoor hoef deelnemers aan die oop gesprek nie te besluit nie. Immers die doel van die oop gesprek is om aan die praat te bly, om jou vindingrykheid, jou ratsheid met woorde, jou ensiklopediese kennis ten toon te spreï sodat die mense so verstom raak dat hulle vergeet om hulle monde toe te maak. Om jou mond toe te maak, is 'n daad, 'n beslissing, en dié is noodlottig en moet daarom vermy word. En as jou mond oop is, is daar geleentheid vir brommers.

In die Republiek het ons ook naderhand begin vlieg, d.w.s. per vliegtuig. Nou is daar een firma wat lugreiskaartjies verkoop wat met my 'n oop gesprek aangeknoop het oor 'n lugreis na Europa. Klokslag elke Maandagoggend bring die posbode aan my deur 'n pamflet van dié firma waarin hulle sê elke MODERNE mens moet vlieg Europa toe. Hulle sê nie hoekom nie, maar dit bespaar glo soveel tyd om te vlieg. Hulle sê nie wat jy met die bespaarde tyd moet aanvang nie. Dis glo nie nodig nie. Dis deel van die tegniek van die oop gesprek.

Die volgende week sit hulle die gesprek voort deur te sê elke WELOPGEVOEDE mens moet na Europa toe vlieg. Hulle sê nie of die welopgevoedes weer moet terug keer na die Republiek toe nie. Van die onopgevoedes en die dommes sê hulle niks. Dis ook nie nodig nie. Die week daarna sê hulle dat jou agterkleinkinders eendag jou nagedagtenis sal vervloek as jy so ONPROGRESSIEF is om nie Europa toe te vlieg nie. Daarby sê hulle niks van die ongetroudes nie. Dis ook nie nodig nie, want gelyktydig loop die radioreeks oor verbode liefde nog nimmereindigend voort. Só hou ons oop gesprek nou al meer as 'n jaar aan; die firma stuur pamflette en ek hou die gesprek oop deur nie te antwoord nie. As ek moes besluit om te vlieg, sou dit so finaal wees — die einde van die gesprek, die intellektuele en fatsoenlike oorbevolking van Europa, werkloosheid in al die reisburo's. Dis veel makliker om nie te besluit nie en maar knus tuis te bly.

Maar daar is so baie ander oop gesprekke. Is die Afrikaner 'n aparte soort mens? Is hy godgeroepe? Moet hy hom deur

middel van sy eie taal bedien as hy leer, as hy dink, as hy vloek? Is die Afrikaner in sy volksaard konserwatief dwaas of sommer net nasionaal liberaal? Moet die Afrikaner in hom self glo of moet hy liewers in die ander man glo? Moet die Afrikaner wil om te bestaan of is dit beter dat die ander man moet wil dat hy vergaan?

Hierdie oop gesprekke gaan dag-in, dag-uit voort, oneindig voort in geskrif en boek, in koerant en pamflet, op straathoek en in vergadersaal, in klank en in beeld. En die doel daarvan? Om iemand te oortuig dat hy niks is nie, niks weet nie, niks beteken nie, geen reg van bestaan het nie. Want vestig jy daardie oortuiging by hom, dan verdwyn alle drang om te doen. En as daar nie gedoen word nie, dan bly die spul mos maar aan die gang, en naderhand slaap jy rustig in en teen dat jy wakker skrik het more gister geword en die werklikheid van vandag lê veilig buitekant jou bereik. Mens speel maar viool solank as wat Rome brand. Die ongeluk is net dat hierdie mense 'n verkeerde taktiek volg, want kyk: die oop gesprek is nooit bedoel om 'n finaliteit te bereik nie.

Die oop gesprek — dis die grootste gif wat 'n volk kan inneem wat staande wil bly, groter gif as die gifbeker van Xantippe. So lank as wat jy aan die praat gehou word, gaan lê jou drang om te doen — daarom die oop gesprek. En as jy nie lus het om meer te doen nie, dan kom die sogenoemde laat-Gods-water-oor-Gods-akker-loop-beleid.

Sien, as Jakkals se moer hom daar in die oertyd klein dood-gelê het, hoeveel makliker sou dit nie vir ons, sy verre oop-gesprek-nasate, gewees het om te besluit wanneer 'n vy 'n turksvy is nie!

WILLY SPILLEBEEN:

KERNEN

voor André Demedts

*Messcherp de letters. Ergens
een hart, een vuur; een paradijs
een banvloek, een woestijn . . .
Waar is het woord dat schokt,
de zin die zengt, de bloei
van 't oerwoud, waar het zwaard?
Ik schrijf, gedachtenloos
maar de gedachte groeit
uit eeuwen deernis en droom.*

*Brandschone zon verbittert
het bos waaruit als vogels
de kinderstemmen vliegen.
Ik heb je nooit zo vast omlijnd
zo onvervreemd van mij geweten,
mijn eenzaamheid, dan tussen
dit spel van stemmen, stilte
en zomer . . . Hoe rondom mij grijpt
gij, Zon: brandschoon maar bitter.*

*Bevrijd mij van een leven
dat woord werd: vlees en geest.
Ik haalde verten neer
voor nieuwe verten: eeuwig
is 't zwerven van de geest.
En door het vlees getekend
en door het woord gedroogd:
de vlakke van mijn leven,
gebarsten, uitgeloozd!*

*Mijn schaduw op het strand
languit en vast van lijn,
zandzwaar en zwaar van vlakke
die 'k levenslang doorzwierf.
Mijn schaduw op de zee
gebroken, en hij kruipt
in elke holte van mijn wezen
dat uit het licht ontstond.
Avond. Waar blijft mijn schaduw?*

*De tijd hijgt van de hitte —
Geen regen ruist — aan vele levens
voorbijgegaan: het hart
dat schokt als een klein diertje
in doodsstrijd op het strand
de rand der eeuwigheid . . .
Met een gebaar van avond
ruist regen neer aan de einder
waarin mijn schip verdwijnt.*

*De bomen hebben hoogte.
Beneden loop ik: mens,
onder de schaduwbogen
van die gotieke kerk.
'k Verberg mij als mijn vader
destijds voor Uw gezicht
verschrikkelijke Zongod
die 'k met een angstig kruis
vermurw een leven lang.*

*Ik lig naast gladiolen
maar klim langs ladders kleur
in 't licht, 't heelal, de zomer.
Toekomstig leven scheurt
als een geboorte open.
Roerloze gladiolen!
Elk zwaardblad hakt een grens.
Ik lig, berust in dromen:
een mens!*

*Aan tijd en zijn vervreemd
voorbij de vrouw, de vrienden:
ik, mens — tot in mijn geest
hakt Gij de twijfel-dolk.
Geloof gij velt mij niet
en 'k ben uw offerdier;
Hoop en nooit word ik groen;
Liefde, geen bosbrand schroeit mij.
En toch: een enkle vrouw,
een woord vol pijn, mijn vlees,
een kinderschrei: 'k geloof,
ik hoop en ik bemin.*



Hendrik Conscience, geb. 1812. Een van die bekendste Vlaamse kunstenaars, wie se honderd-en-vyftigste geboortedag vanjaar herdenk word.

ANDRÉ DEMEDTS:

NEDERLAND EN VLAANDEREN: TAAL EN VOLKSKARAKTER EENHEID EN VERSCHILLEN

Voor de toekomst van de Nederlandse cultuur is het van groot belang, dat men in den vreemde een juist inzicht in de verhouding tussen Nederlanders en Vlamingen krijgt. Vooreerst in verband met de taal.

Door Franstalige Belgen wordt de zaak dikwijls zo voorgesteld alsof Nederlands en Vlaams twee verschillende talen zouden zijn. Het Nederlands wordt dan als een kultuurtaal, het Vlaams als een minderwaardig dialect beschouwd. Dat onderscheid wordt veelal tegen beter weten in gemaakt, met de bedoeling de Vlamingen te vernederen en in een toestand van minderwaardigheid en achteruitstelling op te sluiten. De verfranse Vlaming Maurice Maeterlinck, die in 1911 de Nobelprijs voor letterkunde won en zich in verblinde hoogmoed van zijn volk afgekeerd had, sprak over het Vlaams als over een "jargon vaseux", een moddertaaltje voor knechten en meiden. Die mentaliteit is sedertdien blijven voortbestaan.

Als degenen die het anders kunnen weten zo spreken, hoeft het niet te verwonderen dat de verwarring in het buitenland op ruime schaal aanwezig is. Zij wordt in de hand gewerkt door het feit dat de Nederlandssprekenden in Europa over drie verschillende staten, Nederland, België en Frankrijk, verdeeld zijn. Veel mensen denken er niet aan dat het mogelijk is en in ons oud werelddeel zelfs veelvuldig voorkomt, dat een bepaald taalgebied de staatsgrenzen overschrijdt. Ook niet alle Franssprekenden wonen in Frankrijk! Er bestaan in dat land zeven minderheidstalen, o.a. het Nederlands, dat er nog altijd door 150.000 autochtonen als hun moedertaal gesproken wordt.

In de meeste buitenlandse encyclopedieën, lexica en literatuurgeschiedenissen, wordt over de Nederlandse en Vlaamse letterkunde als over afzonderlijke eenheden gehandeld. Dat steunt eveneens op de opvatting, dat ze in twee onderscheiden talen geschreven werden. Onlangs is in Denemarken een vertaling verschenen van *Klinkkaart*, een verhaal van de Vlaming Piet van Aken. De uitgever heeft er zich niet mede tevreden gesteld te vermelden, zoals het doorgaans gebeurt, dat het werk oorspronkelijk in het "Vlaams" gesteld werd, maar er ter verduidelijking nog aan toegevoegd dat het Vlaams een dialect van het Nederlands is!

Tegen al die vergissingen lijkt het kwaad vechten en toch moet het geschieden, om de waarheid te dienen en meteen de onverminderde betekenis van het Nederlands in het licht te stellen. In de gebieden waar nu Nederlands gesproken wordt, waren van de derde, vierde eeuw van onze tijdrekening af, drie Germaanse stammen gevestigd: Franken, Saksen en Friezen. De eersten waren de voornaamsten. Uit hun taal, aangevuld en beïnvloed door het Saksisch en Fries, is dan het Nederlands gegroeid. Of liever het Diets, de naam waarmede de taal van het volk (dient = volk) werd genoemd, in tegenstrijd met het Latijn, dat toen de taal van de geleerden was.

In het zuidelijk gedeelte van het Frankische gebied, in het huidige Vlaanderen dus, is het Diets een kultuurtaal geworden. De oudste geschriften uit de Nederlandse literatuur zijn twee eeuwen lang uitsluitend van Vlaamse oorsprong geweest. Daartoe behoren o.a. *Carel ende Elegast*, *Van den Vos Reinaerde*, *Beatrijs*, en het werk van Hadewijch, Jacob van Maerlant en Joannes Ruusbroec. De eerste Noordnederlandse schrijvers van enige betekenis, Willem van Hildegasbergh en Dirc Potter, komen slechts in de tweede helft van de 14e eeuw aan het woord.

De beschaving uit het zuiden is toonaangevend gebleven, tot in de 16e eeuw de godsdienstberoerten uitbraken en het rijk van Karel V gescheiden werd. Na de val van Antwerpen in 1585 zijn duizenden Vlaamse burgers en intellectuelen, die bij de opstand tegen Spanje betrokken geweest waren, uit vrees voor de Spaanse macht die in hun land weer de bovenhand gehaald had, naar Noord-Nederland uitgeweken. Daar hebben zij ruimschoots het hunne bijgedragen om de bloei van de Gouden Eeuw mogelijk te maken.

Noord-Nederland werd een onafhankelijke staat, Zuid-Nederland, dat wij nu België heten, bleef onder Spaanse overheersing. Daarna ging het naar de Oostenrijkse Habsburgers over. Van 1795 tot 1814 werd het bij Frankrijk aangehecht. Tussen 1814 en 1830 werd het opnieuw met Nederland verenigd, maar ondertussen was het Nederlandse element in het zuiden, door het opdringen van het Frans als leidende taal, zo zwak geworden dat de staatkundige eenheid met Noord-Nederland niet kon behouden blijven. In 1830 brak de Belgische omwenteling uit en werden de Nederlanden wederom verdeeld.

De jonge Belgische staat werd uitsluitend in het Frans geregeerd. Administratie, hoger gerecht, leger, bedrijfsleven,

middelbaar en hoger onderwijs waren volledig Frans. Alleen de arme volksklassen spraken nog hun Nederlands dialect. In die omstandigheden is de Vlaamse Beweging begonnen, die er langzaam in geslaagd is de meest essentiële rechten voor het Vlaamse volk in België af te dwingen. Nog heeft zij haar doel, dat is de volledige gelijkberechtiging tegenover de Franssprekende Belgen en de macht tot het besturen van zichzelf niet bereikt, maar het is niet uitgesloten dat zij het naar het einde van deze eeuw zal halen. Ondertussen is er veel verloren gegaan, grondgebied en ook energie, die in normale toestanden aan andere verwezenlijkingen zou besteed geworden zijn.

Die geschiedenis verklaart het verval en de ontarding van het Nederlands in de zuidelijke Nederlanden. In de 16e en 17e eeuw, toen Vlaanderen zijn cultureel overwicht verloren had, ontstond in Noord-Nederland, hoofdzakelijk te Amsterdam, de beschaafde omgangstaal die sedertdien voor de uitspraak, het woordgebruik en de spraakleer van het gehele Nederlandse taalgebied beslissend gebleven is. Zij moet dat blijven. Alle bewuste Vlamingen zijn het erover eens, dat zij zich naar de Noordnederlandse taalnorm moeten richten en streven ernaar alle dialectische afwijkingen en gallicismen uit hun taal te verwijderen.

Door de verarming en afzondering waarin Vlaanderen drie eeuwen geleefd heeft, is de taal er trager geëvolueerd dan in Nederland. Er zijn meer oude woorden en wendingen in gebruik gebleven. Het samenleven met Franssprekenden in een staat waar dezen aanvankelijk alle macht uitoefenden en nu nog de eerste plaats innemen, heeft in het Nederlands van de Vlamingen veel Franse woorden doen insluipen. Gelukkig wordt dat euvel nu langzaam, onder invloed van de nauwer contacten die met Nederland ontstaan zijn en door een volgehouden aktie in het onderwijs, de pers en de omroep overwonnen.

Straks komt de dag dat de Vlamingen het Nederlands even zuiver en keurig als de Nederlanders zullen spreken en schrijven. De dag ook dat zij, door de aanbrengst van hun eigen gevoel voor natuurlijkheid en levensonmiddellijkheid, op het Nederlands zullen inwerken, opdat het minder aan vreemde talen, inzonderheid aan het Engels zou ontleen en meer uit eigen taalschat puttend, alle nieuwe dingen zou noemen met eigen woorden. Hierbij kan het Afrikaans richtinggevend zijn. Veel Afrikaanse nieuw geschapen woorden als woonstel, duikweg, grassnijer, kunnen in het Nederlands opgenomen worden. Zij zouden het Nederlands verrijken en de verbondenheid met

het Afrikaans verinnigen. Dat te verwerklijken lijkt ons niet onmogelijk! Het onderstelt alleen een voortdurend verruimde bekendheid en kulturele samenwerking met elkander.

Onze beschouwing nopens het eigen levensgevoel van de Vlamingen brengt ons tot een tweede knelpunt in hun verhouding ten overstaan van de Nederlanders. Aangenomen dat zij dezelfde taal spreken, die eerst Diets heette en nu Nederlands is, zullen sommigen toegeven; aangenomen dat bij de leidende kringen de vaste wil voorziet om die eenheid van taal niet alleen te behouden doch te versterken; dan nog vertonen zich tussen het Nederlandse en Vlaamse volkskarakter zulkdanige verschillen, dat men gerechtigd is van twee volkeren te spreken. Tot dat besluit kwam o.a. Georg Hermanowski in "Die Stimme des schwarzen Löwen", een geschiedenis van de Vlaamse letterkunde, die in 1961 verschenen is. (Hermanowski heeft zich tegenover de Vlaamse literatuur bijzonder verdienstelijk gemaakt door in 15 jaar tijd meer dan 100 Vlaamse boeken in het Duits te vertalen en te doen uitgeven). Hij staat lang niet alleen met die mening. De meeste Nederlanders en Vlamingen zijn ze zelf toegedaan!

Nochtans wortelen die verschillen niet "in de primaire lagen van de volksaard, zij zijn niet essentieel maar historisch-accidenteel", verklaren Dr. M. Van Haegendoren, een Vlaming, en Prof. Dr. H. D. De Vries Reilingh, een Nederlander, die samen een verhandeling schreven om de toenadering tussen Nederlanders en Vlamingen in de hand te werken. (*Noord-Zuid Verbinding. — Samenhorigheid en Samenwerking van de Lage Landen. Met een voorwoord door J. Kuypers. — Lannoo, Tielt & Den Haag. 1959*).

Het onderscheid, dat weleens het uitzicht van een tegenstelling aanneemt, komt hierop neer dat de Nederlanders zich meer door hun hersens en de Vlamingen meer door hun gemoed laten leiden. De eersten hebben de naam dat zij nuchter, beheerst en vormelijk, de laatsten dat zij romantisch, spontaan en onvertogen zijn. De Nederlanders werken planmatig, waar de Vlamingen veeleer improviseren. Uit die oppervlakkige typering moge reeds blijken dat het leven in Nederland en Vlaanderen er enigszins anders uitziet. Er is meer tucht, ordening en afstand tussen de standen in het Noorden; meer kleur, ongedwongenheid en sociaal samenleven in het Zuiden. In de ogen van de onwelwillende Nederlander zijn de Vlamingen ongekultiveerd en onberekenbaar; in de ogen van de onwelwillende Vlaming zijn de Nederlanders stijf en altijd vol berekening.

Dat is ongeveer ook het beeld dat door de literatuur van beide volksdelen geschapen wordt. Niemand zal eraan twijfelen dat Streuvels, Timmermans en Walschap Vlamingen zijn; Vestdijk, Bordewijk en Menno Ter Braak Nederlanders. Maar dan werden toch de uitersten tegenover elkander gesteld. Coolen en Streuvels, Gijsen en Vestdijk, vertonen eerder het karakter van een werkelijke eenheid. Bij nader contact met elkander ontdekken Nederlanders en Vlamingen, als zij hun vooroordelen afgelegd hebben, hoe dicht zij bij elkander staan. Zeker zo dicht als de Fransen uit Normandië bij die uit Provence of de Duitsers uit Mecklenburg bij die uit Baden.

Het zijn inderdaad historische factoren die de verschillen aangescherpt hebben. De politieke scheiding heeft ze verdiept. Toen na de godsdienstoorlogen in de 16e eeuw de Lage Landen uiteengescheurd waren, werd Nederland een overwegend kalvinistisch land, met een democratische regeringsvorm; Vlaanderen was katholiek en werd door een autoritair regime geregeerd. Die tegenstelling is nu bijna opgeheven. Nog een halve eeuw geleden leefde Nederland hoofdzakelijk van handel, zeevaart en zijn koloniën; Vlaanderen van de landbouw en zijn werkkraft, die het aan Frankrijk en Wallonië verhuurde. Nu zijn beide landen nagenoeg even ver geïndustrialiseerd. Nederland was voor de jongste wereldoorlog intellectueel op Duitsland en is sedert die oorlog op Engeland gericht; Vlaanderen ondergaat sedert de middeleeuwen de onmiddellijke uitstraling van Frankrijks macht en cultuur. Even lang is het reeds in een strijd op leven of dood voor zijn voortbestaan gewikkeld. Daardoor kent het een nationaal idealisme dat Nederland vreemd was en daar alleen tijdens de Duitse bezetting tussen 1940 en 1945 tot uiting zou komen. Die verschillen bepalen de houding die Nederlanders en Vlamingen tegenover de nationale problemen van derden aannemen. Zo zijn de Vlamingen, ten gevolge van hun geschiedenis en volkse strijd, het best beplaatst om de verzuchtingen van het Dietse Zuid-Afrika te begrijpen.

Tot besluit van dat alles blijkt dat betere bekendheid met elkander van hoofdzakelijk belang is. Nederlanders en Vlamingen die elkander geregeld en vriendschappelijk ontmoeten, ondervinden zeer spoedig de gelijkgerichtheid van hun denken en voelen. Nu Nederland en België op ieder gebied tot een inniger samenwerking trachten te komen, zullen door die politiek de gescheiden delen van de Nederlandse stam een groter kans krijgen om wederom één te worden. Eén waar dat moge-

lijk is bij het instandhouden van twee afzonderlijke staten: kultureel, economisch, militair, en naar de wil, om samen een toekomst op te bouwen. Door die groeiende verbondenheid zal meteen de eenheid van taal bevestigd en die van het volkskarakter bevorderd worden.

Sedert enige tijd begint ons radio-instituut ook Afrikaanse luisterspelen uit te zenden: tot nu toe zijn er reeds twee uitgesaaid. Naar ik hoor is het de bedoeling daarmede zoveel mogelijk verder te gaan. Het adres van ons instituut is: B.R.T. Flageyplein 18, Brussel 5 — voor het geval U iemand zou kennen, die weleens een tekst zou willen inzenden.—A.D.

ENGEMI FERREIRA:

STIL WETE

(vir T.)

*Ek het op die see gestaan,
gekyk hoe sneeu-groen golwe
miljoene korrels sand verdolwe,
gevoel hoedat dit teen my traan-*

*verwaaide wange raak en
weer terugval langs my hande
af — tussen my en jou vér lande
waai, lang jare waar ek jou nie ken.*

*Maar in 'n ligte aanraak
van jou arm, 'n nie-bedoelde
woord, 'n onbedagte diep-gevoelde*

*oomblik, het met jou lag my trane
weggedroog en die smeltende sand en jare
het 'n stil wete gepols deur my are.*

OMDAT JY . . .

*Jou het ek lief,
omdat jy in 'n diep
en donker land die
helder wit vlam
van herinnering
brandend hou.
Omdat jou sentiment
verraai
dat jy bo al jou
helder woorde,
waardering vir my
blinkgevange kleure
en my somber stiltes het.*

*Ek het jou lief,
net oor jy, jy en
niemand anders is.*

JAN BOUWS:

IS DIE SUID-AFRIKANERS MUSIKAAL?

Die skrywer Bernard Gavoty het in 1950 aan 'n boek oor die Franse musiek die uitdaende titel gegee: "Les Français sont-ils musiciens?" 'n vraag waaraan hy onmiddellik twee ander toegevoeg het: "Wat verstaan ons onder musikaal wees?" en: "Wat is 'n musikale volk?"

"Musikaal wees," sê Gavoty, "niks lyk op die eerste gesig makliker as om dit te omskryf nie. Dis mos eenvoudig: van musiek hou? Ja en nee. As 'n mens daaroor nadink, sien jy dat hierdie twee woordjies 'musikaal wees' karaktereienskappe aangee wat baie kan uiteenloop.

"Dit kan beteken dat 'n mens ore het en klanke kan onderskei. Na gelang die gesigspunt van 'n bepaalde mens, kan dit wees — en nou gee ek hier Suid-Afrikaanse voorbeelde i.p.v. die Franse van Bernard Gavoty — dat jy in staat is om *Sarie Marais* te speel op een of ander instrument, of dat jy in staat is om die liedere *Van Liefde en Verlatenheid* of *Die Dans van die Reën* te komponeer."

Musikaal wees is vir party mense dat jy 'n wysie wat jy die vorige aand gehoor het, sê: uit *Mr. Paljas*, nou nog reg op die klavier met jou wysvinger kan speel. Of, dat jy daarin 'n genoeë vind om na Tino Rossi te luister, terwyl 'n ander pas voldaan is wanneer hy die *Neënde Simfonie* van Beethoven kan hoor. "Per slot van rekening is dit," volgens Gavoty, "eenvoudig om 'musikaal te wees', maar moeilik om te weet, waarin dit nou eintlik bestaan."

En nou die tweede vraag: "Wat is 'n musikale volk, wat is sy kenmerke?" Gee die volk se liefde vir musiek die deurslag? Of die behoefte om te sing, om reg, korrek te sing? Moet ons 'n wysie goed kan onthou, of is dit die aanleg om 'n instrument te kan bespeel?

Of is dit miskien die skeppende gawe? Of wel die onveranderlikheid van al hierdie kwaliteite en eienskappe saam, in die loop van die geskiedenis van 'n bepaalde volk?

U sien 'n hele ketting van vrae. As Bernard Gavoty 'n Afrikaner was, kon hy afsluit met te sê: "Ek vra maar net."

Miskien moet ons daar vir Suid-Afrika tog nog 'n paar byvoeg: "Is die Suid-Afrikaner hom bewus van sy musiek-kultuur? Gaan hy konsert toe, as daar Suid-Afrikaanse komposisies op die program staan? Soek hy in sy nuwe weeklikse Radiobulletin of daar in die volgende sewe dae een of meer

musiekstukke van sy komponerende landgenote sal uitgevoer word? Koop hy Suid-Afrikaanse grammofoonplate, net omdat dit opnames van 'n geliefde sanger of sangeres is, of ook — al is dit maar 'n bietjie — om die werke self te leer ken? Hoeveel kopers is daar van 'n bundel liederes van Rosa Nepgen, of klaviermusiek van John Joubert? Dit was vrae van die laaste groep, vrae wat daar op neerkom, of die Suid-Afrikaners die waarde van hulle eie komponiste erken, wat Arnold van Wyk tot die skryf van sy skokkende artikel: “Die Suid-Afrikaanse komponis leef in 'n woestyn” gedryf het. Na hierdie sombere woorde, wat nog maar twee-en-'n-half jaar gelede in *Eikestadnuus* gestaan het, sou 'n mens maar al te geneig wees om die vraag: “Is die Suid-Afrikaners musikaal?” maar dadelik ontkenkend te beantwoord, soos die Franse skrywer Stendhal dit 'n eeu gelede t.o.v. sy volk gesê het: „Hulle is die geestigste en aangenaamste en tot vandag die mins-musikale volk van die wêreld.”

Tot so 'n kras uitspraak kom Gavoty nie, maar die vraagtekens in sy boek, die twyfel wat die skrywer aanvanklik oproep ten aansien van die musikaliteit van die Franse volk, leer 'n mens insien dat sake oral maar dieselfde is, selfs by 'n volk wat met reg trots kan wees op komponiste soos Couperin en Rameau, Berlioz en Bizet, Fauré en Duparc, Debussy, Ravel en Roussel.

Ek dink hier ook aan 'n artikel wat in die jare van hoogbloei van die Amsterdamse konsertlewe onder Willem Mengelberg so baie stof opgejaag het: “De Antimuzikaliteit van den Hollander,” waarin die skrywer Willem Pijper op dieselfde manier soos Arnold van Wyk, as 'n boetprediker optree en vir sy landgenote harde waarhede vertel. En wat van die “oppervlakkige” musikaliteit van die Spanjaarde en die sg. “onmusikaliteit” van die Engelse, ondanks hulle pragtige volksmusiek!

Ek sal hier nie uitvoerig ingaan op al die vrae wat Gavoty aangaande die musikaliteit van die Franse en ek self nog oor die van die Suid-Afrikaners gestel het nie. Wanneer 'n mens iets wil bewys, kan jy in die meeste gevalle wel voorbeelde vind wat jou betoog onderstreep. Om maar een klein voorbeeldjie aan te haal wat die musikale geheue betref. Ek dink nou aan 'n foto in *Die Burger*, nou al weer 'n tydjie gelede, waarop 'n driejarige meisie Gesang 12 uit haar kop sit en speel. Dergelike voorbeelde, ook wat ander vrae aangaan, kan ons reëlmatig in koerante en tydskrifte vind.

Wel wil ek wys op die moontlikheid wat nou vandag bestaan om dergelike kinders te laat opgroeï tot goeie klavierspelers, vaardige violiste of bespelers van 'n blaasinstrument, tot goed-onderlegde konsertgangers of selfs net maar belangstellende luisteraars na 'n radio-simfonieprogram van Anton Hartman, waarby hulle kennis kan maak met die musiek uit eie land.

Op die skilderye-tentoonstelling tydens die Uniefeeëte van 1960 in Bloemfontein het 'n besoekster vir die joernalis van die *Cape Times* (19.5.1960) gesê dat sy net hou van kunswerke wat sy ken. Dit geld vir alle kuns, vir skilderkuns, vir musiek, vir letterkunde. Natuurlik kan ons plotseling deur iets nuuts getref, oorrumpel word en is 'n dergelike skoonheidsontroering nie maar net die gevolg van snobisme waarmee die Franse twee eeue gelede al die spot gedryf het nie:

“Si cela n'est pas beau,

Au moins c'est du nouveau,

Dit het die konsertgangers van die Stellenbosse Kunsfees 1961 ondervind, toe Arnold van Wyk sy *Nagmusiek* gespeel het.

Maar in die meeste gevalle gaan dit soos Pijper dit so juis uitdruk: “Een nieuw kunstwerk heeft tijd nodig om ge-kend, ver-kend, her-kend en ten slotte be-kend te worden.” Ons moet na die musiek van ons tydgenote luister, vandag, more en oormore. Sal dan iemand wat ontvanklik is vir musiek, onbewoë bly by die hoë inset van Hubert du Plessis se koorwerk *Die Dans van die Reën* of sy humor in derde Slampamp-erliedjie *Die Sekretarisvoël*? Sal hy geslote wees vir die erns van Blanche Gerstman se *Vroueliedere*, vir die lieflikheid van sommige *Maraisliedere* van Rosa Neppen of die walsagtige deining van haar *Ou-Flenterkatiera*? Wie sal ongevoelig bly vir die “pointiïsme” in die *Dans* uit die *Trio-Suite* van Priaulx Rainier, vir die Improvisasie wat die solo-violis op 'n sagte tamboergeruis speel na die groot klimaks in Stefaans Grové se *Vioolkonsert*, of die noodlotsdreiging in John Joubert se opera *In die Droogte*? En wie, wie sal ooit die gevoel van lig en onskuld vergeet as hy Arnold van Wyk se *Hart-van-die-Dagbreek* leer ken en in hom opgeneem het?

In die Postludium van sy boek vra die Fransman Gavoty nogmaals of sy landgenote musikaal is. Ons stel ons vraag op dieselfde manier ten opsigte van die Suid-Afrikaners en antwoord met Gavoty se woorde: “Ja en nee. Meer as hulle self sê. Minder as hulle kàn wees.” Om musikaal te word is die middele bekend: “Daar is twee: deur na jou musiek te luister, en deur dit uit te voer. Die een is niks sonder die ander nie.”

DIE BRUINMENS IN „BALLADE VAN DIE GROOT BEGEER EN ANDER GEDIGTE”

Sedert die verskyning van Mikro se *Toiings*¹ is daar in die belletrie seker min werke waaruit die stem van die Bruinmens so pertinent en suiwer opklink as uit Uys Krige se *Ballade van die groot Begeer en ander Gedigte*.² Persoonlik het ek nog altyd gevoel dat daar te veel oor en *deur* die Bruinmens gesing word (hier bedoel ek spesifiek die poësie), in plaas dat hy sy eie leed op sy eie ghitaar en in sy eie sêgoed uittokkel. Die Kleurlingdigters: S. V. Petersen, P. J. Philander, Adam Small, en nou Lionel Sheldon sien hulle eie mense deur die oë van 'n intellektualis. Dit is nou eienaardig genoeg dat dit nou juis die blanke moet wees wat die oë van die mens vir hierdie *Herrenvolk* moet oopmaak. Die voorloper in dié opsig is miskien Peter Blum met sy *Kaapse Sonnette* uit *Steenbok tot Poolsee*,³ en daaruit veral die *Opwekkingspreek* met sy spontaan-na-iewiteit. Die gesprek van die klompie Kleurlinge wat ook 'n *building-boom* beleef, is warm uit die mond. Hier is dit nie slegs die eienaardighede van die taal wat tref nie, maar die taal word die draer van iets groters. Ywerig werk die klomp aan *Babilons toren*, maar toe die oppieselle vlak die Ou Mutual se toringvlak bereik:

*Kon skielak niemand Afrikaans verstaan,
en toe die een ou sê: „Sjee my die sif”,
gee sy maat hom 'n emmer water aan.*

(bl. 47).

Nou kom Uys Krige met sy digbundel waarin hy die Bruinmens sien en uitbeeld: 'n stukkie *Uit die goeie Aarde* van die Kaapse Skiereiland, net so onbestendig soos die Kaapse winterweer. Nie deurgaans is Uys Krige se mensbeelding ewe oortuigend nie, maar hierop kom ek terug. Maar een ding staan seker vas; Uys Krige ken die Bruinmens. Hy het saam met hulle grootgeword en saam met hulle in die Tweede Wêreldoorlog geveg. Hy het die Bruinmens nie slegs onder normale, maar ook onder abnormale omstandighede leer ken.

Samevattend kan ons sê dat hierdie bundel uit ballades, praatpoësie en anekdotes bestaan wat ook modi in Uys Krige se eerste digbundel is nl. *Kentering* (1935); *Rooidag* (1940);

en Oorlogsgedigte (1942). En tog dra hierdie *Groot Begeerbundel* sy eie cachet. Waar sulke gedigte eers die draers van Krige se eie nostalgie was, is die poëme uit hierdie versameling die Kleurling wat self aan die woord is en hom inherent ontbloot; hy is die vagantdigter wat sy lewenslied op sy vishoring uitsing, maar onder daardie:

*Ek voel so heppie-heppie soos
soos 'n slakkie in kropslaai,*

(Vishoring).

lê daar skrynende leed, nouliks verhole, sarkastiese bitterheid teen die blanke wat maar nie wil onthou van:

*. . . die groot, groot Visstok wat
oor almal swaai.*

Hierdie himniese en elgiese stemming is kenmerkend van die Kaapse Kleurling in die kort reëlige gedigte wat oor die ironiese heenstrek tot die makabere toe bv. *Gekraakte Klaroen*.

Van hierdie soort gedigte is *Lied van Lappiesdorp* waarin die nostalgie van Lappiesdorp in die lied van 'n Bruinmens, so aangrypend uitgesing word, miskien die beste: dit kook in hom, dit dans ligvoet voor hom en hy wil dit uitsing voordat hy dit vergeet, die plek waar Lappiesland se aristokrasie woon waar die huisies uit motorwrakke bestaan; 'n *tuinstad van karton* waarin hulle soos diere saamgehok is. Vir hulle is daar geen gemakhuis nie, *dit lê sommer rond en bont*, maar die Bruinmens praat pront:

*By ons ruik God
se hemel skaars gesond.*

Verder vertel hy van *Prins Tering* wat daar sy septer swaai. Intens word die tragiese gesuggereer deur die opnoem van die klompie kindername van wie die longe holler fluit as die van spaansriet:

*Katrientjie, Anna,
Mabel en Madriet,
Apoosie, Lionel,
Bobbie en klein Piet.*

Wat 'n mens in die gedig pak is die stukkie moralisasie wat in die endstrofe sommer so onverwags opgevang word; die teleurstelling van die Bruinmens as die Bruinmansvriend hom sommer so onverwags verlaat wat miskien nie die lied enduit wou aanhoor nie wat hom pynig soos 'n dril wat deur sy ore gaan. *Loflied* is 'n stukkie heerlike lirisme ter ere van die lekker dinge in ou Windermere waar die Bruinmens skynbaar vry en ongebonde kan lewe. Daar kan hy dubbel, vloek en

vuisslaan, en as die dienders kom, wie is hy nou om te *worry*.
Hy sê net:

„ . . . Ekskuus vir my
ek's in 'n *hurry*
Pjêl, *watch* my voete,
arriewarrie.”

Kenmerkend van hierdie kortreëlige gedigte is die alleen-
spraak wat tot een gesprekgenoot gerig is, of dit kan soos in
Klopdans twee stemme wees: die passiewe jolige wat op so 'n
dag *op deeske aarde* geen renons het nie en die krities-beskou-
ende wat in sulke klopdanse niks anders as skande vir sy bloed
en stam sien nie waarvoor elke reggeskape Kleurling behoort
te skram, wat tog in 'n unisono sintese saamsmelt.

Monologies van opset is ook Uys Krige se ballades: die
titelgedig *Ballade van die groot Begeer* en *Die Skietgebed
van die Skollie*. Rob Antonissen sê van hierdie twee ballades:
*hulle is onder Krige se oorspronklike skeppinge die eerste waar-
op hierdie tegniese term van volle toepaslik is. Hulle kon deur
'n Villon geskryf wees (Standpunte, nuwe reeks 32, bl. 62).*
In hierdie ballades sien ons die Bruinmens van twee kante:
aan die selfkant die sosiale wese; aan die keersy die ver-
menging van gebed en lewensbieg. Die skollie staan voor die
regter op aanklag van moord; hy het Jan se ribbes ingeskop
omdat hy met sy *Lollie-pop* gelol het. Hy is vreesbevange
omdat hy weens al sy kwaad al aan die strop hang. Hy pleit
dat *Baas Jesus* hom genadig moet wees ter wille van sy moeder
en in dieselfde asem is daar sommer die lewensbieg van *sports-
maak* en die lekker dop waarvan 'n mens skaars praat. Hy
soek verskoning en pak die skuld so naïef op die ou Duiwel;
hy's altyd op die *jop* waar daar verlokings en verraad is en
watter Adamseun is nou bestand daarteen? As die regter sy
verskyning maak, bereik die gediggie daardie treffende klimaks
in die vorm van 'n skietgebed:

*Daai kats se stert, hy slaat jou baftablou?
Maak hierdie Juds se hartjie saf en teer
— O help my, Mammie van die Lam, gou, gou! —
al is dit net om haar ontwil, o Heer . . .*

Ek weet nie of ek ooit iets treffenders uit die mond van die
Bruinmens in ons letterkunde gelees het nie.

Maar die anekdotiek spreek die sterkste uit die vierreëlige
gedigte met hulle monoloog- en dialogiese dramatiek wat ook
na aan Krige se eertydse praatpoësie staan, en tog nie: die
digter het losgebreek uit sy mikrokosmos van swaarmoedig-

heid; daarom is die verse sinryker omdat hieruit die stem van die Bruinmens spreek, soms fel ironies, maar ook vol fyn humor. Sonder om opsetlik te wees, verstaan Krige die kuns om sy sienswyse met 'n kwinkslag, veral in die slotverse, tuis te bring.

Ken jy die See is 'n makaberlied aan die wreedheid van die see wat sy lewenstol eis van diegene wat hom van sy skatte beroof. Dis 'n lied waarin die vagantdigter uitbundig-liries deurbreek. Dis 'n poëem waarin die impressie en ekspressie so saamvloei dat die bekoring juis in die sublimateit daarvan lê, maar dit val buite die kader van dié bespreking omdat die Kleurling nie skerp omlyn genoeg staan nie. En tog is dit 'n gedig waarin die tragiese bestaan van die Kleurlingvisser in die laaste strofe tuisgebring word:

*Sien jy die krom vroutjie daar, mevrou Mathee,
wat telkens ver, vér oor die golwe staar?*

*Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.
hulle slaap aldie agter die kerkhofmuur.*

Van die bestes uit hierdie vierreëlige gedigte meen ek is *Vignette* en *Say it with Flowers*; waarin Krige die mentaliteit van die Bruinmens met sy niks-ontsiende blootlê. In *Vignette* sing Uys nie oor of *deur* die Kleurling nie; dis die Bruinmens wat dit self doen. Die toneeltjie speel hom af in die Konstaniebus wat stampvol is. Onder die gesprinkel van kitaarklanke word daar heen en weer oor die kleinburgelikhede gesels wat vir die Kleurling van groot belang is. Die *guard* kry dit moeilik om tussen die klomp te beweeg. Onder die klomp is daar Katrien wat sukkel om haar kind te laat drink, en selfs die witmense laat lag as sy skielik sê:

„ . . . Dè, toe, vat die tet

— of ek gee hom, Pietie-boy, nou dadelik vir die *guard*.”

Ek meen hierdie platheid het een keer heelwat kritiek uitgelok, maar dis tiperend van die Bruinmens; dis warm uit die mond. In teenstelling kry ons die mooi gediggie *Say it with Flowers*; so naïef, so vol fyn humor soos Krige ons dit weergee, soos hy dit met oop oë en ore in Kaapstadse Adderleystraat uit die mond van 'n blommeverkoper waargeneem het.

Van sy oorlogsgedigte waarin die Bruinmens 'n rol speel, bevredig *Woestynbegrafnis* my die minste; heel waarskynlik omdat die voorvalletjie daarin al afgesaag geraak het, en 'n mens nie meer oortuig nie. Aan die ander kant tref *Sabbatslag* deur sy raak siening en segging, en bo alles deur sy naïwiteit waarin ironie en humor so saamsing dat 'n mens skoon verbaas staan bv.:

„Askies, ou broer, maar in die lig sien ek maar sleg.

Is ons, verdomp, *finish* en klaar nou, skoon oorrumpel.”

Dis Klaas se woorde as hy, na die verwoede slag, oor 'n klomp lyke strompel.

In hierdie *Groot-Begeer-bundel* kry ons nie een *verslibrisme* of *vrye vers* nie wat 'n mens die verse maklik kan bestempel as kunsmatig, veral as ons hulle bv. gaan vergelyk met Marais se naturelleverskuns waarin sulke kultuurmiddels soos rym, gelyke verslengtes en dies meer ontbreek. So 'n vergelyking is myns insiens nie geregverdig nie: die Bruinmens is seker darem intellektueel 'n trappie hoër as die primitiewe naturel, en bo alles is dit *opvallend* hoe *rymbewus* die Kleurling is; luister maar na sy venterliedjie.

Oppervlakkig beskou lyk dit of daar in die tema van Uys Krige se bundel en dié van die Kleurlingdigters weinig verskil is, en tog nie. Hudson druk dit baie treffend uit in sy resensie oor Lionel Sheldon se *Weeklaag van die Wese*⁴ waarin hy daarop wys dat die samesnoerende tema in die Kleurlingdigters nog altyd was dat hulle 'n weeskind is wat in niemandsland ronddool waar hulle op frusterende wyse gevange gehou word. Dis in hierdie opsig waar Uys Krige verskil: hy sien die Kleurling in sy ware perspektief wat hy in sy verse uitsing, maar in *Ballade van die groot Begeer*, kom ons tot 'n ander insig, en wel mooi saamgevat in die volgende versreëls:

Maar was ek wit, hoe lank bly ek dan kommerloos?

Of kom daar dalk 'n einde aan die groot Begeer?

Of lees ek agter die woorde wat daar nie staan nie?

1 J. L. van Schaik, Pretoria, 1935.

2 A. A. Balkema, Kaapstad, 1960.

3 Nasionale Boekhandel, 1955.

4 Tydskrif vir Letterkunde, Maart 1961.

'N VLAAMSE HEIMATKUNSTENAAR

Meer nog as Stijn Streuvels is Felix Timmermans (1886-1947) dié skrywer wat die meeste bygedra het tot die skepping van wat dikwels in literatuurgeskiedenis so effens geringskattend genoem word: die Vlaamse „Heimat“-literatuur. Dieselfde sinikus wat volgens apokriewe mondelinge oorlewering die werk van Stijn Streuvels sublieme meteorologiese verslae genoem het, sou kon beweer dat Felix Timmermans 'n arkadiese wêreld van bierdrinkende, dikbuikige lewensgenieters en babbe-laars geskep het. Maar hoe gevat ook al, geld hier ook dat behalwe in die tegniek, alle vereenvoudiging dwaasheid is. Ook in die geval van Felix Timmermans is die waarheid verwikkelder en genadiger.

Weliswaar is Timmermans 'n oorheersende figuur in 'n literatuur wat in die kielsog van Van Nu en Straks ontstaan het, 'n literatuur wat ontspring het aan sintuiglike gegewens en wat matig gewerk het met intellektuele bestanddele: die kuns van Cyriel Buysse, Stijn Streuvels en Felix Timmermans. Volop is die verhale wat op die platteland afspeel: die dorpe, die plase, die hele skilderagtige Vlaamse natuur — verhale met meestal armoedige psigologie, hoewel weens die naturalisties-impressionistiese aard daarvan geensins waardeloos nie. Maar dit val op dat die Vlaamse skrywers van voor en selfs na die Eerste Wêreldoorlog weinig geneig was om hulle aan die ingewikkelder geestes- en gemoedstoestand van die moderne stadsmens te waag. Die Vlaamse romankuns bly steek in die „heimat“-kuns en staan in dié opsig agter by die verhalende prosa van Noord-Nederland en Europa. Die oproep van August Vermeylen om „more brains“ (Meredith) in die Vlaamse prosa, moes nog eers ingang vind. Tog is die gelukkige uitsonderinge reeds aanwesig: die werk van Herman Teirlinck en Karel van de Woestijne.

Die groot beoefenaar van die romanties-idealitiese skryf-tradisies, Felix Timmermans, tree na sy eerste sombere boek *Schemeringen van de Dood* (1910) opeens in 1916 seëvierend met *Pallieter* te voorskyn en word met hierdie werk die mees gelese outeur van sy tyd in die Nederlande. Te midde van die oorlogsellende is hierdie boek waarin liefde vir die land en die religieuse besef (tot op hierdie tydstip die twee hoofmomente in die Vlaamse kultuur) tesame met 'n ongekende lewens-

blyheid kulmineer, met vreugde ontvang en gretig gelees. Hierdie boek vertel in los kort hoofstukke die verhaal van die meulenaar-estetikus Pallieter, 'n „dagenmelker" wat in die arkadiese Nethedal die heerlikhede van die natuur, die lewe en die liefde geniet. Ten spyte van die dikwels hinderlike lirisme, die oorladenheid en tegniese foute van die boek het Pallieter 'n oerkragtige en legendariese simbool geword van lewensoormoed en lewensgenieting, getemper deur 'n Christelike besef van die vreugde en rykdom van die lewe as 'n gawe van God.

Geïnspireer deur die Middeleeuse plastiek skryf Timmermans daarna *Het Kindeken Jezus in Vlaanderen* (1917), 'n „verdietsing na 's lands gelegenheid" van die Bybelverhaal; daarna volg die eenvoudige en diskrete, humoristiese *De Zeer Schone Uren van Juffrouw Symforosa, Begijntje* (1918), die pittoreske roman *Anne-Marie* (1921), die godsdienstig-sentimentele roman *De Pastoor Uit Den Bloeyenden Wijngaardt* (1924), talle vertellings, drie minder geslaagde historiese romans (oor die skilders Pieter Brueghel en Adriaan Brouwer en oor die Heilige Fransiscus), en ook 'n familiechroniek.

Op die vooraand van sy vyftigste lewensjaar egter, het Felix Timmermans sy kragte saamgebal en sy meesterwerk gelewer: *Boerenpsalm* (1935).*

Reeds in die eerste hoofstuk blyk die wesenstrekke van hierdie kort roman baie duidelik: eerstens seker die himniese karakter van die verhaal. Soos die titel aandui, is die verhaal in die vorm van 'n psalm, maar dan 'n besondere soort psalm: 'n boerepsalm — en hierdie subjektief-liriese inslag bepaal die hele toonaard en vormgewing van die verhaal. Wortel hef hier 'n loflied op die boerelewe aan, die boere-„stiel", maar wesenlik is dit 'n himne aan God, en in sy „psalm" ontvou die hoofkarakter sy eie persoon en sy lewensverhaal met die vreugde en smart daarvan. Op hierdie wyse verkry dié „psalm" tog 'n sterk epiese ondergrond wat van die begin af die leser se aandag boei en jou in spanning hoofstuk na hoofstuk laat lees tot die lewensdraad van hierdie Wortel afgespin is.

Die verhaal is geskryf in die eenvoudige boeretaal, maar dit word gedra deur 'n sterk ontroeringstroom wat aan hierdie prosa 'n gedrae ritme verleen wat herinner aan die ritmiese poësie van die Bybelse psalms:

„Ik ben maar een arme boer en al heb ik veel miserie gehad,

* Uitgegee deur P. N. van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, sonder jaartal. Dit is nie opgeneem in die Felix Timmermans-Omnibus nie.

toch is het boerenleven het mooiste leven dat er bestaat. Ik wil nog met geen koning verwisselen.

„God, ik dank U dat Gij van mij een boer hebt gemaakt!”

Vanaf hierdie inset van die verhaal word ons gefassineer deur die boer Wortel wat aan die woord is. Hy skep dadelik, en algaande selfs sterker, die illusie dat hy met jou as leser persoonlik praat, 'n direkte en intieme verteller-aanhoorder-verhouding, want hy begin met 'n opregte en eerlike belydenis van sy innigste gevoelens, begin sy lewensverhaal sonder voorbehoud ontvou, spreek jou direk aan: „Hebt gij al nagegaan wat er moet gedaan word om brood op u tafel te krygen?”

Hoewel hierdie boer se taal bewoë, ritmies-stuwend en Godgerig sowel as lesergerig is, is dit geensins „poëties” in die geekte sin van die woord nie, d.w.s. „mooi” en „verhewe” nie, maar net so oerkragtig en gesond-aards as Wortel en die boerelewe self. Sy taal is volkome in ooreenstemming met sy wese — hy is nie verniet *Wortel* nie: die enigste van sy vader se kinders wat boer wou word en gevolglik deur sy vader „onze wortel” genoem. Konkreet en soms met 'n verrassende nuutheid en seggingskrag hanteer Wortel die taal, veral deur die beelde en uitdrukkings uit sy eie besondere ervarings-wêreld: spreker en taal is één:

„Ploegen, mesten, eggen, zaaien, oogsten, dorschen, malen en bakken. En als Onze Lieve Heer er dan nog niet tusschenkomt, met op tijd een dres water en een klad zon, en als ge de Heiligen niet omkoopt met een bougie, voor de slekken, de pieren, donder en bliksem, dan is al u zweet nog in een verkeerd gat gelopen. Maar als ge dan van den nieuwen oogst, de boterham, die ge met u eigen kracht uit den grond hebt gesleurd in uw vierkantige handen hebt, en ge kunt daar uw tanden inzetten, en ge ziet swenst een heele tafel rond vol eters, dan is 't of de Baas van hierboven zijn hand op u schouders legt, en stillekens in uw oor fezelt: 't Is heel goed Wortel, merci!”

Sy geloof in God is vir hom geen abstraksie of dogma nie — dit berus op sy daaglikse lewe, ontspring daaraan en verleen 'n ongewone diepte aan die verhaal. Op Wortel se eerste huweliksnag stap hy die veld in, lê na die sterre en kyk: „Dan wordt ge zoo iets heel anders gewaar. Het word stil in u hart en ge denkt aan dingen waar ge anders geen tijd voor hebt.”

So word Wortel in die boek as karakter omlin: in sy gods-vrug en in sy aardsheid, ook in sy humor. So vertel hy van die

varkskop wat hulle die pastoor gegee het toe Wortel se vrou van haar hoofpyne genees is en die pastoor gesê het dis jammer sy het nie die pyne op 'n ander plek gehad nie, want dan sou hy 'n paar „hespen” (stuk van die boudvleis) gekry het. En na die dood van hul eersteling sê Wortel dat as hy ooit in die hemel kom, „dan wil ik eens eigenmondig van Hem hooren waarom ik dat verdiend heb. Hij had misschien zijn reden. Die reden moet ik weten. Anders kan ik niet rustig mee den Alleluja zingen”.

Ook aan sy naïewe bygeloof (bv. die komeet wat die watersnood veroorsaak en die „Kwade Hand” wat sy Polleken laat sterf) ontspring daar ware humor. Hierdie bygeloof, net soos sy swakhede (bv. ten opsigte van die diensmeisie-van-die-stier en die jong vrou in sy huis) doen geensins afbreuk aan die egtheid van sy geloof nie — dit dra eerder by tot die vervollediging van Wortel as mens.

Soos Wortel se lewensverhaal ontrol, verneem ons van sy hofmakery aan Fien — hoe hy haar familie dwing tot 'n huwelik, die vreugde (èn smart) wat hul eersteling hul besorg; sy sonde en die stryd om dié owerspel te bieg; sy opregte vriendskap met die pastoor wat net so 'n praktiese mens is as hy en tewens 'n mensekenner by uitnemendheid is: „Ge moet heel den dag niet bidden, ge moet enkel bij het begin van den dag uw werk aan God opdragen, uw werken is dan bidden”. Ons lees verder hoe Wortel en Fien 'n lewensbestaan aan die harde aarde ontworstel, hoe hulle kinders aanwas, die vreugde en verdriet wat hulle aan hul kinders het; hoe Wortel wild stroop en tronk toe gaan; sy seun Fons se treurige einde en die leed wat Wortel alleen moet dra; die dood van Fien; sy huwelik met Frisine; sy finale verset om ontrou aan homself te wees en met die ryk oujongnoot te trou; in sy ouderdom en alleenheid, sy verknogtheid aan sy stukkie aarde. En op die hoë noot van dankbare geloof eindig hierdie boerepsalm:

„Ik dank U Heer! . . . Op harpen en snaren! staat er in mijn kerkboek, maar ik heb niets dan een bugel, waarop ik slechts een wals en een doodsmarsch kan spelen. Ik dank U met mijn heel en hevig hart! uit heel de volheid van mijn ziel!

„En laat Uwen Wortel als tegendank nog vele jaren op Uw veld (dat spijtig, ook van 't Kasteel is) in het zweet zijns aanschijns mogen werken!

„Dank op voorhand!”

Wortel is nie alleen deur en deur Vlaamse boer nie — in die verhaal van Felix Timmermans groei hy uit tot mens, tipe

van die ewige mens: aardgebonde, hemelverlangend. Dit gee aan die verhaal sy unieke waarde, benewens die skoonheid en boeiendheid daarvan.

In sy eenvoud en frisheid van siening en segging vorm Felix Timmermans die teenpool van die aristokraat Karel van de Woestijne, en soos geen ander Vlaamse skrywer nie het hy in sy werk waarvan BOERENPSALM die hoogtepunt is, daardie twee hoedanighede verenig wat dikwels die beste Vlaamse kuns kenmerk: die klankryke kleureglans van sintuiglikheid met die innigheid van die gemoed, liefde vir die heerlikheid van die Vlaamse aarde met die liefde vir God.

BY DIE JONGERES

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte en verhale word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

W. F. MEYER:

MENS

Ek
en die kring om my.
Ek
praat met jou —
punt uit die ry:
Is jy ook
en 'n kring om jou?

Ek
en daardie skimme —
Is hulle
buite of binne?

BALLADE VAN DIE VIS

Vol gladde sierlikheid
en reusekrag is hy;
tussen die silwer oppervlak
en bodem voel hy vry.

'n Druppel is rond
Alleen.
Twee saam
Ook rond en een.

Met ongebonde lus
snuffel hy orals rond,
maar kry 'n helder vissie met
'n angel in sy mond.

'n Man en vrou
Is vlees.
Twee saam
Sal een vlees wees.

Die water spat en blink,
die vis veg met venyn.
Die water roep hom: „Wees nog vry!”
Die angel in hom pyn.

'n Mens is nie
Net vlees.
Iewers
Is hy ook gees.

Die visser trek te seer;
die vis kom stadig nader.
Sy lyf sleep slap op sagte sand,
sy krag bly in die water.

Gevangenskap
Is vlees.
Vryheid
Is mag van gees.

P. A. DE W. VENTER:

MASJIENE

Kraan: *Die man sit hoog*
en vergroei wit
draadjies van sy
senuweevesels
met die dik draadtoue

wat swaar en dom en
ghrieserig strem en voue
maak om een-ton katrolle.
Hy vat gevoelloos met sy
onkeerbaar sterke hande
om dowwe sementblokke
wat hy triomfantlik weggly
van die aarde se taai liefde.
Sy gewrig draai
soos die omdraai
van 'n swaar rat.
Sy lugpyp word hard
in koperpype wat
witwarm stoom
dwing om krag
oor te gee
aan sy staal-
spier se stroom.

Maar agter twee stukkies glas
is die sagte bietjie brein;
opgestapelde kennis pas
hierin uit duisend eeue,
die vlymgeskerpte puntjie lewenspyn
wat dink saam met die miljoene koppe
rondom die bol, en die Baaierd stilmaak
en sy bouse kragastap en wegmaak.

Stootskraper: Die man sit laag,
stoot sy krom palm
in die trae stukke rots,
kruip op sy ysterlit voet,
stuit, skeur die rotse verwoed,
arbeidsgeweld is sy trots.

ELEMENTE

Land se gebreekte tande kou
tot skuim en borrel see se blou.

See kruip nader met pynlike verowering,
laat op die nat klip wit sout van verbittering.

Lugblou span onoorwonne om die son,
tot see hom wit suig op die horison.

VRAAG

*My gedagtes draai om jou
soos meeue om 'n boot,
meeue soek net kos
maar wat wil ek behou?*

ELISABETH SWOBODA:

KLIMTOL

*Opwaarts juigend
na jou, alles-gewende hand;
'n Oomblik lank
Intens te leef,
Geraak te word;
Dan af te stort,
In angs te sweef —
Nie-wetend van die band
tussen my en jou hand —
Dun lyn
wat nog skei
my en die pyn.
O God, ek weet
dis vrugteloo:
Lank nou nie meer
eer dit verveel, vermoei;
U agteloos
my voor U voete neer sal gooi.*

J. J. POTGIETER:

LEWE

*Die lewe is tog maar soos
'n woordespel op 'n papier
waar swart en wit mekaar
moet aanvul en versier.*

*En ek, as enkeling,
sal self moet hierdie spel voltooi.
Elk' plek wat blank bly, ook
moet invul en versier.*

*Tog bly 'n plek soms leeg,
waar ek geen juiste woord kan vind.
Dis wanneer ek beseef:
Alleen jy sal dit weet.*

ONRUS

*Hierdie onrus in my hart,
Jaag my nou wel nie rond,
Of maak my ook nie deurmekaar:
NET: dis altyddeur stilswyend daar!*

HEIMWEE

*Soms wonder ek
of jy ook heimwee ken.
Is dit dan moontlik dat jy
in my oë ook die lig gewaar
wat ek telkens in jou oë speur?*

BYDRAE

*Dit het stil daar op die wit papier
Voor my op my lessenaar geskuur.
Jou geskrewe skrif op daardie wit papier,
Was direk afkomstig van jou lippe af.
Maar ek het geweet dat die stem van jou hart
Diep onder jou ooglede skuiling moes soek.
Daarom het ek dit op die wit papier,
Stilswyend na jou teruggeskuur.*

LIEFDE

*Selfs die hoenderhen moet dit dan hê,
Om 'n eier, waaruit 'n donsie kom, te lê.
En later, wanneer dit om haar piep en raas en sy moet waak,
Moet dit dan Liefde wees wat die sware moederspoot,
In haar angs om nie die oog omlaag te wend van die gevaar,
Bo-op die kleine donsie neer te stoot?*

LEWE

*Die lewe is bewus
Van jou . . .
En my.*

*En tog is daar geen rus
Vir jou . . .
By my.*

*So: dis die lewensstryd
Vir jou . . .
En my.*

*Want ek is ook bewus
Van jou . . .
En rus . . . !*

EEN

*Daar's een wat ons almal kan leer
van lief en leed en van pyn.
En ons hoef nie te soek na daardie een;
net maar ons oë na onself toe keer.
Want elke-een sien daar die lief en leed en pyn
wat net genoeg, vir hom beskore is om te dra.
Want sou ons meer daar sien,
Sou ons te vroeg al kla.
En sou ons minder sien,
Sou ons dalk meer wou vra!*

LOUIS KRUGER:

DIE LEWE

*Die lewe het my geleer dat elkeen agter
bitter tralies óm die siel se grens
verkeer, waar die slim woord 'n seker wagter
staan teen die eenword van mens en mens.*

*Vergeefs het ek met honger hande aan
dié vaste wet gehamer: ek wou
hul vasgryp aan die siel van jou bestaan,
nie ongevoed net teen jou wange hou.*

*Somtyds flits 'n lag of sug skrams deur
die glad gekrulde ysterwerk, dan wéét
ek van jou wese wat dieselfde pyn
en vreugde in 'n ander perk ontbeer,
dan hoop ek dat my onversadigbare leed
maar sal verslyt en eendag sal verdwyn.*

GODSPRAAK

*Daar is 'n sagte weerloosheid in hom
vanmôre, so asof die nag se reën
sy dors deurweek en sag gemaak het óm
die spore in sy hart, van die wat ween.
Asof sý nag se trane elke dood
en sielelas verspoel het, en hy helder
uit My blou die stroewe troos van brood
kan sien, van hulle met kruise vasgekelder.
Maar tog sal sy ou smart ook hierdie dag
somtyds 'n maer verdorde hand oprig,
om te herinner aan die veraf klag,
wat ook, soos hy eens, koppig vra om lig.
As hulle ook maar die spyker in die skeen
wou week deur in die nag sag te ween!*

ARGUMENT

*Magtige God,
ek kan dit nie verstaan nie,
dat U wat liefde is,
met hierdie bal sal klaarspeel nie,*

*dat U die spel gaan uitwis,
en alles wat bestaan nie;
dat U sal ophou om te vergewe,
en met vuur sal beboet:
en tog
die loon is lewe,
die prys is bloed.*

ETENSTYD

*Die kletsende mense het soos stukkies papier
by die eetkamerdeur
ingefladder
en elkeen
vermoed
teen sy tafeltjie in die ruim vasgekleef;*

*en die mans se oë
het rooi deur die rook geglim:
en tastend teen die meisies se bene opgekrui,
terwyl hulle giggelend gewriemel het van die genot
van die doodse greep:*

*nie een het gesien hoe 'n donker bloederige klou
die sagte baarmoeder oopskeur
die teer saad van ons bestaan uitruk
dit klaterend oor die vuil vloer smeer.*

ROEPING

*U het my met die sweep
van eie sondigheid
gefolter,
totdat ek weer liefderyk
die verwerpte voddekleed
van klein gemeensaamheid met my naaste aangetrek het:
ek besej nou
dat my profetegees
met menslikheid beklee
die diep ellendespoor na bo moet trap,
sodat my volk my dit na U kan natrap.*

EWIGHEID

*Sagte reën val op die dak soos 'n klag,
en 'n veraf trein se fluit huil kantelend deur
die ruim,
en ek is so alleen in die nag
dat gemeenplase tussen mense, die keur
van gemak en warmte, stadig verder vervaag . . .
tot ek weg van die nat, donker aarde skeur
en in onsigbaarheid verteer op die lang lyn
tussen goed en kwaad, wat die eerste skeur gesny het in my pyn.*

HENDRIK PRINS:

JOU LIEFDE

*Jou liefde is soos 'n diep stil
poel, waarin die visse vlug,
wat weg van die skuimkolk
soos glas tussen groen riet verstil.*

*Jou liefde is soos die neste
van die vinke in die riet,
wat snags teen koue wind en reën
'n warm en donsige klein kamer bied.*

*Jou liefde is soos 'n warm wyn
waarin my hart wegbrand,
'n glas waarin al my vreugde al my pyn,
stil wit water word.*

BEDE

*Laat my vir hierdie nagte name vind,
gee my vir die trilling van U sterre,
vir die wonder van U wind,
tog enkele raak woorde Heer.*

*Ek is fyngestem en teer
vir U vingers om te streel,
wil deur my U soet note Heer,
U groot nocturne speel.*

OPDRAG

*Eenmaal was die lelie wondermooi
teen die skamel kleed wat dit nou dra,
selfs die rose was 'n dieper rooi
en die gousblom was met goud gekroon.*

*Eenmaal was ons adellik en rein,
maar God, hoe dof hoe klein,
toe ons na die duister aarde stort,
hoe dof en raak het ons geword.*

*Hoe swaar weet ek my taak
my krag is min, ek moet U dien,
ek moet met my woorde Heer
weer die heerlikheid van U hemel sien.*

*Ek, wat die kleinste van U skepping
is, en tog U Beeld mag dra,
ek moet aan die duister wêreld
die beelde van U paradys in herinnering bring.*

*Ek moet hul heimwee helder hou
en daaglik hul verlange wees,
o Heer, ek weet U ken my vrees,
U ken my swakheid, my dom woorde Heer.*

*Ek dank U Vader vir my taak,
en vra van U enkel dit:
dat U my aan die einde van my dae
van U volmaaktheid deel sal maak.*

SWAELS

*Skielik in die stil Septemberdae
waardeur die groen vreugde sing,
het die koelte van die noordewind
die windswaels weer teruggebring.*

*Skielik was daar lewe in die lug
toe hul swart teen die wit wolk kring,
die slank swart kruise teen die wind
het in my die vreug gebring.*

*Laag oor die bome het hul gedraai
asof hul die tuiskoms vier,
op die ligte winde het hul dartel
oor die liggroen land gewaai.*

PREDIKER

*Ek wil geen oordeel vel
net soms van God vertel,
Hul ken so min pyn,
net vreugde: wellus en wyn.*

*Vreugde? En U 'n vae
herinnering, hinderlik soms,
iewers uit hul kinderdae.*

*Net partykeer een wat vra:
Gaan U ons nog lank verdra?*

NUWE WETE

*Nou vra ek nie meer rus o Heer,
want oornag het U my tot U bekeer.*

*Nou moet U die branding wees,
die verlange en die vrees,*

*Nou vra ek U onrus Heer,
laat U vlam my hart verteer.*

J. JAMES:

MURE VAN DIE BOGGEL

*En nou
Hierdie tronk —
Om my, in my, van my.
Myne alleen
Die brekende hel
Van kromrug sluip.*

*Myne!
Tierende stilte
En my bewaarder, Dink,
In my klein kerker
Van donker angs.*

KERSFEES

*Ek moes saam met pa loop
om die spesery te koop;*

*pa koop die kruisemint
en strooi dit in die wind*

*waar Kalvarië koud en naak
drie kruise in die nag bewaak*

*en rotse bot en blom
in lig wat van 'n ster af kom.*

*Kruisemint laat rotse skeur
en die dood na bowe beur.*

KLEIN GEBED OP DIE LAND

*Wil dat die reën mag kom
Dat die dorre aarde vol word
Van seën. Maak lig die Hand
Wat op hierdie land
So hard nou rus.*

*Ons gryp uit na die droogte wat U
Laat neerdaal van U verre troon.
En ons vind niks as leegte,
Droefheid*

*Ons vra nie die oorvloed, die weldaad,
Die magtig' rysing van dam bo dam
Ons wil maar enkel
Die reën, eer
Ons vergete bly.*

SWERWERS VAN DIE DUINE

Die nanag is koud. Die dor tamboekiegras leun tam teen die windvlae aan, en die droë gebarste wag-'n-bietjies kla krakend in die ruisende nag. Die rook uit die brandende mopanie-takkie kantel rankend vir 'n paar oomblikke bo die lekkende vlamme en verdwaal dan in die rukke van 'n nagwind, koud soos die duine se wit winter karos.

Op die sandkol tussen die pluime van die wuiwende gras-halms, soos die hooftooisels met die Groot Dag by die Hoofhuis van die dokters, is die kaal, witverbleikte sand baie koud. Die vier gehurkte mensies tas soekende na die hitte van die grypende, vlamme vuurvingers. Kort-kort skuif een nader aan die vlam, amper asof hy wil vlug vir die koue wat soos 'n kloudoring aan sy maer rugstring klou.

Moedig veg hul verslete karosse oor hul maer rue teen die snerpende koue maar hul verdediging swig om die talle gate in die haarlose velle.

As die maan skielik agter 'n verdwaalde wolkie koes, kruip die skaduwees gretig uit hul skuilplekke: Molsgate, verlate en stil; sandhopies, droog en vol waaisand; uit die takke van die verdorde songeteisterde wag-'n-bietjies.

Die vier Boesmans, die volk van die Swerwers van die duine, staar afgetrokke na die sterwende vlam wat al laag kwyn teen die stoflug wat wyd waai. Dit is nou al die vierde dag sonder water. Hulle is spioene wat deur Ghabib uitgestuur is. Dié vier met die skerpste oë. Hulle het hy gestuur om te soek na die plek waar die sterwende aarde sy water nie te goed vir hulle skerp skeurtjie-oë weggesteek het nie.

Maar dit is nou al die vierde dag van hul soektog en nog het hulle geen water gesien nie; geen wildspoor gesien nie! Die vaal en dorre duinvlaktes bly leeg voor hul oë wat vol verwagting op die horison lê, op die duinmaanhare, in die droë lopies waar helder koel water jare gelede gerinkink het oor die riviersand maar nou horingdroog in die sonhitte bak. Die duine bly leeg. Hulle bly die Swerwers van die duine.

Net die koue bly by hulle om die vuurtjie. Net die hongerdood reis saam.

Die vyfde dag is sonder glorie gebore. Die blou kombes word net soos vars, warm bloed as die Wit Bul wraaksugtig opstaan.

Draffend, draaiend deur die droë twa-polle wat ver en oor die waterlose sandbreedte verstrooid lê, vaal en droog op die bleekwit sand, skuur die voete deur die dag. Die dag is al grootgemaak en die duine begin al sidder voor die vernietigende hitte van die son en die alleenstaande kokerbome, geknak en kaal, deins ver weg van die grynsende gevreet van die son.

Toe hulle die volgende duin steunend, skuifelend bestyg, het hulle dit gesien.

Struikel-steierend oor die ongelyke sandverlatenheid sien hulle hom draf. Krom en slepend, oor die sand draf 'n ander Boesman. Sonder wapens. Sonder waterkalbas. As hy hulle sien, ruk hy skielik tot stilstand, verloor sy balans en struikel oor sy eie voete. Bewend van uitputting rig hy hom wankelend op onvaste voete as die vier waterspioene met haastige en fluitende asem langs hom op die warm sand tot 'n skielike stilstand ploeg.

„Ek ek het dit gesien, my broers!” Hy huiwer, sy asem jaag skreeuend uit sy droë, brandende bors, borrel saam met sy fyn stem oor sy gebarste lippe en raak verlore in die duinedoolhof. „Ek het dit gesien waar water soos die reën op die nat sand, soos die blink van 'n tier se oë in die koue nag, uit 'n swart klip kom.”

„Waar! waar!, sê ons, vertel ons.” Die leier van die spioene roggel die woorde uit, sy tong tas onvas om die woorde te haastig uit te spoeg.

„Sovèr as wat die Wit Bul loop in soveel dae,” sê hy en hou vier vingers bewend teen die verblindende son op, „draai dan in dié hand waarin jy jou boog vasvat se rigting en draf 'n halwe dag lank totdat jy tussen die swart klippe staan, dit sal daar wees,” hy swyg. „Daar sal water wees!” Hy skree die laaste woorde uit, hoog en skril.

Sy lyf ruk skielik en sy oë rol rond in sy oogholtes wat skielik groot geword het, groot soos voëleiers. Soos aasvoëleiers.

„Dit is by die rivier wat toegewai het.” Dit roggel hy uit. Sy asem ruk en sy tong kruip tussen sy lippe deur, hy val vooroor. Sy maer vingers grawe in die sand en sy bene lewe, ruk skielik geweldig en lê dan doodstil net daar waar die duin 'n holte vorm met rimpels soos dié op sy gesig. Sy oë staar dof en vaal na die son wat breed gryns.

Die sesde dag is mooi gebore. Die blou kombes het 'n oranje-rooi vlek gekry en die kwê-voëls het skel geraas. Die houpie droë wag-'n-bietjie takke het vrugtelos gespoeg om die

dooie te beskerm en op die kaal gladde tak het 'n aasvoël grotesk gewag.

Die Boesmanspore het na die wegraakplek van die Wit Bul gelei. Die Boesmans was haastig en die spore het vlak in die deinende sandvlak gelê. Toe die Wit Bul die swart karos oor die woestyn getrek het, het hulle sommer in 'n holte in die sand geslaap. Moed en hoop was die vuur vir die nag. Die gras en die bome het minder geword want hulle was al in die land waar daar net sand is. Geen klippe, geen gras en geen bome. Die Groot Swart Mense van die woestyn noem dit Namib: die Land van baie sand.

Die Wit Bul het al op die blou kombers gewei toe hulle teen die skerp getande rotse afskuifel. Die geribde swart klippe het hul voete seergemaak, maar hulle het nie omgee nie. Nie geweet nie. Hulle was dronk van blydschap want hul plat geel neuse het hulle vertel dat daar water is! Hulle skerp, klein ore het die veraf gedruis van die water van ver gaan haal.

Geskok en verbaas het hulle op die rant van 'n afgrond tot stilstand geruk. Hulle oë het hulle 'n mooi storie vertel. Hulle wou dit nie glo nie. „Ons oë lieg,” het hulle gesê.

Voor hulle, ver onder die afgrond, het hulle baie, baie water gesien. Hulle oë het hulle vertel van die baie bokke, gemsbokke, so baie soos al die vingers van die mense by Ghabib. En nog baie meer. Die gras rondom die water was groen en welig. Die gras het liggies gewink en gewuif in die helder lig wat ver deur die baie groen bome gesing het.

Struikelend, skuifelend het hulle teen die skerp, steil afgrond afgeskuur en gespring en plat op hul mae geval waar die water helder, borrelend uit die groot gat in die klipskeur gorrel. Hulle het dit gevind. Water. Hulle het gedrink en gedrink en heerlik gesmul aan 'n steenbokkie wat hulle sommer met 'n klip doodgegooi het.

Toe het hulle haastig terug gekoers waar Ghabib se moë oë al in die rondte na hulle bly soek het.

* * * * *

Toe die maan, groot en helder geel, met 'n laggende gesig vir die derde volmaan op die swart klippe kom sit, ver bo die grasvlakte helder geteken, was die hele volk van Ghabib daar . . . behalwe twee van die oues.

In hulle het die lewe moed verloor om so vrugteloos teen die woestyndood te stry en te veg. Die Lewe het uit hul ver-rimpelde liggaame gewyk, en hul ou moë liggame alleen onder 'n sirkel klippe laat agter bly, hulle vir wie die pad te ver aangehou het.

Die Swerwers van die duine was nou die Volk van die Grasland. Maar vir hoelank? Vir hoelank sou hulle daar kon bly? Net totdat die Groot Swart Mense van die Ooste weer hul jagveld, ver op in die rigting waar die son opstaan, moet verlaat en terugkeer na hierdie land met water en vleis. Dan sal hulle, die Swerwers van die Duine, weer moet vlug na die land waar die dood saam met die nag kom; waar die nagte lank en koud is en die wild ver wegtrek as die water en gras min word, min soos die kinders van die Swerwers van die Duine.



LETTERKUNDIGE "GALLUP"

In 1961 het die heer L. Vandenbrande, sekretaris van die Belgiese Ambassade in Suid-Afrika 'n taamlik breedvoerige letterkundige „gallup“-opname gemaak, met die onderstaande uitslae:

1. *Uit 600 Afrikaanse romans* is die volgende twaalf die gewildstes (alfabeties volgens skrywer):
W. A. de Klerk (Die Uur van Verlangte), G. H. Franz (Moeder Poulin), D. F. Malherbe (Hans die Skipper), Mikro (Toiings), H. Smit (Sy kom met die Sekelmaan), J. van Bruggen (Ampie), C. M. van den Heever (Laat Vrugte, Somer), J. van Melle (En ek is nog hy), F. A. Venter (Geknelde Land, Swart Pelgrim, Man van Ciréne).
2. *Uit 52 Nederlandse romans* is die volgende twee (alfabeties) die gewildste by Afrikaanse lesers:
Van Eeden (De Kleine Johannes), A. van Schendel (Het Fregatskip Johanna Maria).
3. *Uit 40 Vlaamse romans* vind die volgende meeste byval:
Stijn Streuvels (De Vlaschaard), Felix Timmermans (Pallieter).
4. Die volgende skrywers is deur die ondervraagdes die meeste aangedui as gesamentlike kandidate vir die Nobelprys:
 - a. N. P. van Wyk Louw,
 - b. F. A. Venter, S. Vestdijk,
 - c. Marnix Gijsen, Stijn Streuvels, W. A. de Klerk, C. M. van den Heever.

OOR BOEKE

DRIE HOORSPELE

N. P. van Wyk Louw: DAGBOEK VAN 'N SOLDAAT, 1961.

N. P. van Wyk Louw: DIE HELD, 1962.

Henriette Grové: DIE GLASDEUR, 1962.

Aldrie het verskyn by Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg.

Die hoorspel is 'n dramatiese vorm wat besondere eise aan die dramaturg stel en ook sy eie voor- en nadele het. Aan die een kant kan die feit dat hy die handeling nie sigbaar voor sy gehoor kan laat afspeel nie, die dramaturg daartoe bring om meer op die woord, wat tog die essensiële element van die drama is, te konsentreer. Maar aan die ander kant kan die moontlikheid tot snelle wisseling van tonele wat in die hoorspel gegee is, die dramaturg maklik verlei tot 'n sekere losheid van struktuur en die invoeging van kort toneeltjies wat vir die dramatiese gang nie streng noodsaaklik is nie. Ook is die dramaturg blootgestel aan die versoeking om al te veel gebruik te maak van klankeffekte waar sy woord nie meer voldoende is nie.

Dit is bogenoemde twee gebreke, losheid van struktuur en oormatige gebruik van klankeffekte wat my veral hinder in die eerste gedeelte van Van Wyk Louw se *Dagboek van 'n Soldaat*. Hierdie hoorspel vertel die verhaal van 'n jong offisier in die leër wat probeer om 'n ongenoemde land, waarskynlik êrens in Suid-Amerika, van die tirannie van 'n diktator te bevry. (Die drama is duidelik geïnspireer deur die mislukte inval in Kuba verlede jaar.) Die hele eerste gedeelte van die spel is 'n poging om die vroeë verloop van die militêre operasies weer te gee in tonele wat baie los van mekaar verbind is en waar die regisseur dus mildelik van byeffekte gebruik maak het — aanwysings wat almal in die teks behou is. Die drama kom eintlik eers op gang as die leier van die invallers besluit om die gruweldade van die tiran te wreek op die inwoners van die stad wat hulle beset het. Nou kom die jong offisier

te staan voor die vraag of 'n goeie saak met sulke middele verdedig kan word en word hy gestel voor die vreeslike keuse om ôf die opstand deur ongehoorsaamheid te verongeluk ôf sy gewete te verkrag. Dit is eers deur die voorbeeld van Maria, die jong meisie in sy kantoor wat hy leer lief kry het en wat voor 'n vuurpeleton ingespring het om so haar verset te toon, dat hy die krag tot ongehoorsaamheid vind — en dan staan die hele leër agter hom! Nou kan hy die stryd teen die tiran met skoon hande voortsit.

Na die eerste gedeelte, as die konfliktsituasie eers duidelik omlyn is, begin die drama 'n mens werklik aangryp en neem die spanning geleidelik toe tot by die verrassende slot. Hoewel die oplossing miskien nog 'n bietjie te „maklik” is, word hier tog op kragtige wyse 'n probleem aan die orde gestel wat veral in ons tyd, en ook in ons eie land, besonder aktueel is.

Die ander hoorspel van Van Wyk Louw, *Die Held*, is nie so groots van opset nie maar is kompakter van bou en toon groter afronding in die tonele. Dit vertel die verhaal van 'n jong Fransman, Louis Girod, wat gedurende die Duitse besetting êrens wou gaan inbreek en deur 'n sameloop van omstandighede as versetstryder aangesien, gevange en tot die dood veroordeel is. Hoewel hy sy lewe kan red deur die waarheid te vertel, verkies hy om te sterf omdat hy daarin 'n geleentheid sien om sy hele lewe van misdaad goed te maak en 'n goeie reputasie aan sy vrou en kinders na te laat. Die drama is opgebou: Ons hoor eers hoe hy gevange geneem en verhoor word en daarna afskeid neem van sy vrou, terwyl daar net die vaagste aanduidings is dat alles nie presies so is soos dit op die oppervlakte lyk nie. Dan kom die klimaks as Louis in doodse vrees die waarheid aan die gevangenisdokter openbaar en uiteindelik tog besluit om die dood te trotseer. Aan die einde stel die dokter dan die vraag waarvoor Louis in werklikheid gesterf het — 'n vraag wat nie maklik te beantwoord is nie.

Henriette Grové noem *Die Glasdeur* 'n drama, maar dit is oorspronklik ook as hoorspel geskryf. Sy toon ons daarin drie oujongnooiens wat hulle lewe op 'n eensame plaas geslyt het. Die hoogtepunt in hul lewe het jare gelede gekom toe 'n gewonde Vrystaatse burger, Gustave Lindemann, gedurende die Tweede Vryheidsoorlog sy toevlug tot hulle geneem het. Na 'n week het hy gesterf, maar elkeen van die drie het in hom die verpersoonliking van haar ideaal gesien — die een 'n minnaar van die skoonheid, die ander 'n baasverkenner en 'n daadmens, die derde 'n man aan wie sy haar liefde sou kon gee en wat haar kinders sou skenk. Toe die jong seun van 'n familielid by hulle kom kuier, sien hulle in hom die ewebeeld van Lindemann en probeer elkeen om hom in haar eie rigting te stuur, totdat die seun eindelijk rebel-leer en daarmee die drome van 'n hele lewe verpletter. Simbolies daarvan is dat hy aan die einde die glasdeur met sy gekleurde ruitjies, waardeur elkeen die lewe in sy eie kleur kon sien, stukkend slaan. Ek moet egter byvoeg dat hierdie „simbool” na my mening al te kunsmatig bygevoeg is sonder dat dit werklik in die drama geïntegreer is.

In hierdie drama is daar feitlik geen uiterlike handeling nie, maar gaan dit om die geleidelike onthulling van die drome wat elkeen van die drie al soveel jare lank gekoester het. Uit die aard van die saak kan 'n mens nie groot spanning in so 'n drama verwag nie, maar deur kunstig-gekose dialoog openbaar die karakters met toenemende hartstogtelikheid al hoe meer van hul innerlike totdat ons die klimaks bereik met die seun se vernietigende verwerping van al hul drome.

P. J. CONRADIE.

Afrikaanse Pers-Boekhandel: ANDRÉ HUGUENET. (Johannesburg, 1962. R2.50.)

„Annaat,” so het Huguenet op 'n dag aan Anna Neethling-Pohl gesê: „Ek is niks besonders nie. Ek is nie baie talentvol nie. Ek het net aangehou, dis al. En ek weet nie waarom nie. Dit is iets buite my kennis en buite my beheer wat my dwing om met die werk voort te gaan. Waarom? Mis-

kien sal ek eendag weet.” In een van die openbarende briewe wat ook in hierdie versamelbundel opgeneem is, probeer hy één van hierdie „waaroms” verskaf: die hartstogtelike strewe om by die Afrikaanse volk 'n liefde vir die toneel aan te kweek en om dié toneel op te bou „tot iets waarvoor ons ons nie hoef te skaam nie”.

Die doel van hierdie besondere boek is egter nie om antwoorde op sulke vrae te verskaf nie — selfs in die mate waarop vrae oor die hart van mens-wees ooit beantwoord kan word. In eerste instansie is dit 'n bun-ael sketse, waarderings, staaltjies, briewe en geselsies deur 'n groot verskeidenheid medewerkers, almal oor die een sentrale tema: André Huguenet. Ons leer hom ken as gevatte of skeermes-skerpe mens, as verbitterde, as ambisieuse, as driftige, as hunkerende, as kortgebakerde, as speelse, as pedantiese, as kinderlike (soms -agtige), as verwaande; bo alles as eensame. As die boek één deug het, aan is dit dat dit die leser stel voor die ontroerende ontdekking van 'n mens in al sy genuanseerdheid en verskeidenheid.

Vanweë die groot aantal medewerkers, is die bydraes ook van wisselende gehalte. Trouens, dit is die belangrikste kritiek wat mens teen die boek wil inbring: dat die keurkomitee gans te min „gekeur” het en maar sommer voor die voet gebruik gemaak het van wat aangebied is. Die lompheid, smaakloosheid, peuterigheid en ekkigheid van heelwat bydraes hoort eintlik nie binne een band tuis saam met soveel heerlike of ontroerende ánder opstelle nie. Die oordeelkundige leser sal egter baie gou die kaf van die koring kan skei — en daarna wag daar 'n ervaring op hom wat ek niemand graag wil misgun nie. Daarby is die boek 'n aanklag, sonder dat dit ooit eksplisiet gestel of waarskynlik bedoel is: 'n aanklag teen 'n volk wat só 'n man in hul midde gehad het en só min begryp het van waar dit eintlik om gaan; 'n volk wat (bloot aan sy begrip geoordeel) eintlik so iemand nie verdien het nie. Suid-Afrika is miskien die enigste westerse land waar toneel hom feitlik uitsluitlik — in

Afrikaans in ieder geval — op „box office” moet verlaat om aan die gang te bly. Omdat die volk nie die estetiese moed het om na die groot konflikte van die lewe te kyk nie? Omdat hy te besig is met ander dinge — rugby, jaarlikse verkiesings, „volksfeeste” of volkspele? Of maar net uit intellektuele luiheid? Hoe dit sy, as hierdie boek daarin kan slaag om ’n paar oë vir belangriker dinge oop te maak, behoort die samestellers dankbaar te wees. Die uitgewers het in ieder geval eer van hul werk.

Cloete, T. T.: DIE WÊRELD IS ONS WONING NIE, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1961.

Die strekking van dié insiggewende studie oor die tematologiese eenskappe van Totius se digkuns is vervat in die volgende stelling: „By baie digters vind mens soms ’n gedig wat daarop lyk of dit die volmaakte formulering na vorm en inhoud is van die digter se wêreld en visie. Sover dit Totius aangaan, meen ek dat „Die Wêreld is ons woning nie” so ’n gedig is” (bl. 123). Dr. Cloete het dan ook sy veronderstelling deeglik verantwoord.

Die studie vanself bestaan uit vier afdelings oor die gevoel by Totius dat die mens nie op aarde tuishoort nie, dat die volk nie in die vaderland vir ewig gewortel is nie, dat daar ’n oord is met vele wonings vir die gees van die mens en dat die mens (digter) trag om die onsenlike te deurskou.

In hoofstuk een word die volgende fasette van Totius se geestesuiting behandel: Landskappe van onherbergzaamheid en nietige wonings, die betekenis van die reis in die digter se uiting, ruimte en tyd, Totius se beheptheid met die verlede, die betekenis van die woord *stilte* in sy werk, die herinnering, die skemer, die vlakke, die eensaamheid, gedagteskemer teenoor swerfgedagte.

Hoofstuk twee, wat handel oor die tema: „Die Vaderland is Ons Woning nie”, bevat die volgende kensketse: die begrip dat die aardse en stoflike dinge kortstondig van bestaan en verganklik van aard is, die tegniek van die veralgemening (die geskiedkundige verlede is ’n patroon van die ewigheid), die historiese as ewige ver-

lede en stilte, die historiese bewus-syn as herinneringstoestand, die geskiedenis as reis, die verhouding van skeppende en teisterende magte, die vaderlandse geskiedenis gesien as dodedans, die kersteningsgedagte gerae deur die blanke beskawing, vaderlandse landskappe van onherbergzaamheid, woningnood en bouvalligheid in die vaderland, en die tipes vaderlandse as ewige gestalte.

Die derde hoofstuk motiveer die verskynsel van kinderdood in Totius se digkuns. Dr. Cloete het die volgende fasette in dié opsig behandel: die kind as metafisiese simbool, preludes tot „Passieblomme”, die ruiters van die dood, dood en slaap.

Ten slotte, onder die kapitellaanname: „X-Straaloë, Oogbewyse en die Onsenlike”, behandel die skrywer die volgende Totiaanse leitmotivs: rondkyk in die realiteit met X-straaloë: „Al het hy deurgereis na ’n wêreld wat in sy eie beskrywing „onsienlik” heet, het hy baie goed rondgekyk in hierdie wêreld waardeur hy op sy deurtog gereis het” (bl. 93) beeld, simbool, sein, teken en boodskap, die waarhede van die skeppingsdinge, Totius op soek na oogbewyse, die skip se onfeilbare getuienis (die gelowige mens sal sy onsenlike hemelse doel in die dood bereik, soos ’n skip in die donker wel op koers bly), die oog vervang deur voelhorings (sintuiglike waarneming), die volmaakte omarbeiding van sien tot dink tot voel (die digter deurpeil die skeppingsdinge).

Dr. Cloete het dus die intellektuele inhoud en betekenis van Totius se poësie bepaal. Die deurlopende tema van die gedagte dat die wêreld ons woning nie is nie, is sekuur en oortuigend bewys. By die lees van die boek kom ’n mens na aan die gees van Totius se digkuns; sy gevoelens en sy gedagtes word herhaaldelik (soms met te veel herhaling) voorgehou. Totius se gees was so geïntegreerd met volk en vaderlandskap — dink by. aan sy Wes-Transvaalse omgewingsinterpretasie wat so mooi deur die skrywer uiteengesit is — dat sy gedig „Die Besembos” se slot ’n mens nie hoef te „verbaas” (bl. 11) nie: dis tog immers simbolies van die Afrikanervolk se volharding.

'n Skerpsinnige ontleding van die sonnet: „Haar Beeld” kom op bl. 29-30 voor; jammer dat 'n dergelike ontleding van „Die Wêreld is Ons Woning nie” nie in die teks ten slotte ingesluit is nie, ter afronding van 'n baie waardevolle studie oor 'n digter wat hom by uitstek besig gehou het met die peil van die misterie wat lewe heet.

C. W. H.

DIE KLOP, deur Ernst van Heerden. Ernst van Heerden is sedert jare besig om hom te skool in die moderne digterlike idioom. Soms het hy nie daarin geslaag om alle heterogene elemente te integreer nie, maar in *Die Klop*, het hy m.i. soms skitterend daarin geslaag. Hierdie vorm vereis 'n streng beheersing omdat een deurlopende gedagte nie konsekwent uitgebeeld word nie, maar daar 'n saamstringeling van motiewe is, wat beknop saamgevat word in een gedig. Die gedig word 'n klein mikrokosmos. En by sulke duidings kan die diepere gevoel maklik verlore gaan.

Motiewe wat herhaaldelik aangetref word, is die stad, die cotiek, die verhouding meganiek en natuur, deernis, dood en lewe ens.

In 'n gedig soos „Komposisie”, tref ons heelwat van hierdie motiewe aan, almal opgevang in die vaart van die digter se emosie.

Interessant is die manier waarop Van Heerden hom telkens besig hou met oer-motiewe uit die stad en uit die natuur: „Turksyboom,” „Yster-vark”, „Skerpioen” en opvallend hoedat hy hier moderne vergelykings invleg, staal en chroom. Daarteenoor beeld hy weer die stad uit met behulp van die oudste oerbeelde wat hy kan vind. Hierdie deureenstringeling van natuur en beskawing, is soos 'n alchemistiese spel, van teenstellende dinge deurmekaar meng, om te sien of daar nie iets anders uit te voorskyn kom nie. Is daar 'n aanknopingspunt tussen beskawing en natuur? Kan die een tot die ander herlei word? Dis of die digter na 'n antwoord op hierdie vrae soek, 'n soort besweringsformule waardeur die mens sy bedrywighede by die natuur sal kan integreer, waar hy hom nou as gevangene in die moderne staal- en betongedrog voel.

Beskou mens, as steekproef, 'n gedig soos „Verdwaalde Duif” van naderby, sien jy hoe Van Heerden hom net meer as een motief in 'n gedig besig hou. Hier het ons eerstens die estetiese probleem van 'n man wat die skone wil verower. Daarby kom historiese en aardrykskundige verwysings, iets mistieks, die probleem van die tyd, dood en lewe . . . Die gedig vorm 'n afgeronde geheel wat begin met die vlerke van die duif en eindig waar hy wegvlieg. Daartussen kry ons die simboliek van die duif as onverganklike skoonheid wat „ewewig en stand” gee aan die „nokke van die lig”, wie se stem die eeue oorspan en wie se oë die wêreldgeskiedenis ken, die gang van die tyd, maar . . . en dan begin die digter twyfel . . . bly wat dier is nie maar dier nie . . . ? En dan skielik vlie hy weg, want waar die geloof ontbreek, is hy nie. Hierdie twyfel aan die ewigheidswaarde van ons aardse doen ook van die skoonheid, kry ons bv. in *Rook van 'n Droom*. En dit spreek sterk in Van Heerden se guns dat hy in hierdie soort gedig altyd suggereer en dit aan die intelligensie van die leser oorlaat om sy eie slotsom te maak. Hy skryf m.a.w. vir wie kan lees. Origens is daar 'n fyn elegiese toon in „Rook van 'n Droom”. Dit geld ook vir „Op die Dood van Klein Peter” wat ek spesiaal noem omdat Van Heerden hier slaag om deernis te wek deur 'n blote enumerasie van feite. (Wat miskien te veel word.) Ek wil nie al die treffende gedigte opnoem nie, want daar is heelwat.

Aan die negatiewe kant behou hy dikwels sy ou gebruik om beeld en verbeelde langs mekaar te lê, i.p.v. meer van die metafoor gebruik te maak. Soms is daar ook nog die eklektiese opeenhoping van beelde sonder diepere verband en dikwels is daar nog deurspelings van ander se poësie, soos bv. . . . „My swart bok blêr swart en geel ens.” wat mens dadelik aan Watermeyr laat dink, die „dag se weefgetou” (Marsman) en „die knopperige boemelaar, die straat se oudste wingerdstok” (Opperman) ook die Brueghel-swaeltjies lyk my effens na Opperman se Jeroen-Bos-swaeltjie. Nietemin is *Die Klop* beslis 'n stap voortuit en met die vasstelling dat

daar 'n swaarder aksent, 'n diepere noodsaak in Van Heerden se woorde gekom het, kan ons groot verwagtings vir die toekoms koester.

S. J. PRETORIUS.

G. A. Watermeyer: **TAALFEES-KWATRYNE**. Afrikaanse Pers-Boekhandel, prys R1.

Oor hierdie twintig „kwatryne” is daar reeds verskeie en nogal uiteenlopende opinies uitgespreek. Wat die leser kry, is 20 strofes van 4 reëls elk — om dit kommersiëel uit te druk: 80 reëls vir die prys van R1, plus 'n twintigtal Ebersohn-illustrasies van wisselvallige gehalte. Die druk- en bindwerk is egter gaaf, versorg.

Moontlik na die voorbeeld van die moderne (kuns)ballade — wat selde 'n „ballade” is — of die hedendaagse sonnet wat al hoe meer van die klassieke patroon begin afwyk, goo: Watermeyer hier die erkende kwatrynskema oorboord ten gunste van vierreëlstrofes met paarrym, wat op sigself, en naderhand, sy eie „drcun” meebring en m.i. geen verbetering is nie. Die resep van 'n „lang gedagte in 'n kort vorm” pas hy deurgaans met welslae toe (veral in *Kunstenaars, Verpleegsters en Mynwerkers*), aangehelp deur sy kenmerkende vermoë tot woordekonomie en beeldende vondste. Tog moet die versugting my van die hart dat Watermeyer daardie vermoë liewers aanwend vir die skryf van ware poësie, soos vroeër; *nie* vir geleentheids- en reklameverse nie.

Hy moet, in hierdie soort verskuns, voor die probleem te staan gekom het hoe om die praktiese met die poëtiese te verenig. Die poësieliefhebber sal toegee dat hy nie altyd daarin geslaag het nie. Te veel van die kwatryne wek die indruk van opsetlikheid, van knaphandige maar dikwels geforseerde vernufspel. En of die „Dietse” letterkunde by hierdie verse gebaat is — soos dr. H. J. Terblanche in sy voorwoord te kenne wil gee val te bewys. As sodanig lyk daardie voorwoord bietjie baie na die (oorbodige) vlag wat nie die volle lading dek nie.

J. KROMHOUT.

Giepie J. J. Theron: **DIE WONDERWERK**. Afrikaanse Persboekhandel, prys 60 sent.

Hoe die bogenoemde uitgewery oorreed is om hierdie slapbandbundeltjie debuutverse (na alle waarskynlikheid *is* dit 'n eerstelingpoging) te publiseer, is moeilik om te begryp. 'n Mens wil nie denigrerend wees nie, veral nie teenoor die digter nie, maar daar word deesdae nog heelwat soortgelyke poësie geskryf wat van die een uitgewer na die ander swerf sônder om in druk te verskyn. Een rede dáárvoor is dat 'n nuwe digter, en sy uitgewer, onmiddellik moet konkurereer met die talryke bestaande digbundels waaraan die moderne Afrikaanse digkuns sy ongeëwenaarde opbloei verskuldig is.

'n Dertig, veertig jaar gelede sou *Die Wonderwerk* 'n aanwinst gewees het. Tans tref Giepie Theron se verse, vernaam die eerste afdeling gewy aan vyftien wonderwerke deur Christus verrig, ons meer vanweë hul vrome opregtheid as hul digterlike kwaliteit. 'n Siklus van hierdie aard uit die pen van 'n taakbewuste „digter” kón iets besonders geword het, maar dan moet outydse digterlikheid, verslete beelde en onkritiese vormgewing nie met digkuns verwar word nie. Sels die konsekwente gebruik van hoofletters aan die begin van elke reël (ongegag of dit in die helfte van 'n sin is) dui in dié rigting.

Die tweede afdeling handel hoofsaaklik oor aangeleenthede soos verwyfing, blydskap, teleurstelling, berusting en hartsbegeertes. Hierso het een gedig, „Hoe lank het ek gewag” my opgeval, omdat dit plotseling aan die „swier” en gladheid van Vincent van der Westhuizen herinner het.

J. KROMHOUT.

KINDERBOEKE.

Uitgewers wat hulle daarop toelê om kinderboeke te publiseer, verrig bepaald verantwoordelike en lofwaardige werk. Die jong lesertjies van vandag, kan maklik die skrywers van môre word. Dis die groot doelstelling van die moderne taalonderrig om die kind vroeg te leer om die kaf van die koring te skei; daarom is dit so noodlottig vir die skrywer van jeuglektuur om sommer 'n verhaaltjie, sonder meer, aan sy jong lesers op te dis.

Onlangs het daar sewe boekies deur

die Afrikaanse Pers-Boekhandel verskyn wat gerus prominent onder die aandag van ouers en onderwysers gebring kan word. *Grootante se pèrels en ander toneelstukkies*, deur A. S. Sparks en E. F. Fraser bevat vyf kort stukkies wat geskik is vir kinders van agt tot twaalf jaar oud. Iets wat in hierdie werkie opval is die nougesette aanwysings by die opvoering van die stukkies: decór-beskrywings, kostumering, beligting en selfs die handeling is met moeite vir skoolgebruik aangedui. Al hierdie eienskappe maak so 'n werkie nog nie aanbevelingswaardig nie. Maar ek voel tog dat die skryfster(?) daarin geslaag het om die werklike en nie-werklike taamlik mooi te verweef. Verder besit die stukkies genoeg dramatiese handeling om die aandag van 'n kindergehoor te boei. Artistiek is die stukkies nie almal ewe hoog nie: die treffendste is seker *Die blommekrans* waarin die verskillende blommetiese as mensies optree om 'n blomkransie vir Elsie se verjaarsdag te vleg. Indien die kostumering en die beligting goed is, is dit bepaald 'n stukkie wat byval sal vind. Die swakste stukkie is seker *Die lampie van tevredenheid* waarin die strekking darem te opsetlik is om selfs die kindergemoed te beïndruk.

Vir die heel kleintjies is daar die mooi werkie van Bessie Olivier nl. *Soetekind* opgedra aan *Annie en Nelia en al die soetkinders*. Die werkie bestaan uit 'n aantal grepies uit die lewe van Soetekind. Dis net 'n vrou wat so boeiend kan vertel omdat sy die kindergemoed van daardie ouderdom kan deurgroen en verstaan met haar sterk verbeeldingskrag. As Soetekind die aand haar poppies en beertjie gaan binnehaal, roep een van die elfies haar toe: *As dit weer volmaan is, kom speel ons weer by julle!* Dis 'n werkie wat 'n grootmens weer kind laat wees wat vir my nog altyd die norm is by die estetiese bepaling van sulke nuwe vertellings. Net jammer dat die boekie nie mooier en sterker versorg is nie. Dit verdien 'n sterker buiteband en die illustrerende prentjies daarby moes in kleure gewees het.

Buffo van die Samokwe van Jan Jansen is die boek vir die jong seun wat in diere belangstel. Die tema van die werkie is die stryd van Atilla as

leier van 'n trop bobbejane teen die mens en die natuur. Die eerste gedeelte gaan oor die stryd en die tweede helfte oor die gevangenskap van Buffo. Hier is nou 'n verhaal wat nie bloot vertelkuns is nie. Plek-plek gee die skrywer 'n mens 'n mooi uitbeelding van die bobbejane se leefwyse en hulle geaardhede bv. hoe die jong bobbejaantjies moet leer om skerpioene te hanteer en om byneste te beroof. Alhoewel Jansen die diere darem te menslik uitbeeld, voel 'n mens tog dat hy hulle doen en late fyn bespied het, en wat verder opvallend is, is dat die leser altyd aan die kant van die bobbejaan staan. Hier is nou 'n voorloper tje wat die jong seun later sal aanspoor om Sanguero se *Uit Oerwoud en Vlakke* en Eugène Marais se *Burgers van die berge* te lees. Dan sal die kind self die kunswaarde van sulke werke kan vasstel. Ten slotte net dit: in hierdie eenvoudige verhaal sien ek die *kiem-sel* van iets groters waartoe Jansen in staat is.

Kai Venter se *Kampioen van Klipfontein* is net die ware boek vir die seun wat *drome droom en gesigte sien*. Saam met Apie sal hy van groot *reisiese droom waaraan hy deelneem, van die mooi wit broekie wat hy sal aanhê, en hoe hy sal loop, loop dat hy so klein word om voor by die wenpaal aan te kom*. Die werkie het 'n baie mooi strekking: 'n seun moet leer om te *wen* en te *verloor* soos 'n man. Seker die mooiste gedeelte in hierdie werkie is die plaasskooldae op Klipfontein: 'n harde plaaspad die atletiekbaan en die beloning 'n paar turksvye en geelperskes. Persoonlik voel ek dat Kai Venter hier 'n groot moontlikheid gemis het i.p.v. Apie se loopbaan vlugtig as sportman weer te gee moes hy hom by een aspek: die plaasskoollewe bepaal wat hy deurgaans baie oortuigend uitbeeld, en iets in die formaat van Grosskopf se *Patrys-hulle* gelewer het. Dis nie die gewone soort werk waarin die held *wit vlerkies* het en sy vyand 'n *swart duiwel* tje is nie. Nee, selfs Apie se grootste vyand kom tot inkeer, en vra hom soos 'n man om verskoning. Deurgaans is die taal goed, die een handeling volg snel op die ander waarvan die kind in hier-

die ouderdomsgroep hou. Dis 'n werkie wat ouer en onderwyser met 'n geruste hart in die hande van enige seun kan lê.

Die tweede druk van *Saartjie se moleste*, deur Bettie Naudé het nou verskyn. Hierdie boekie ken elke skooldogter; onder hulle het die Saartjie-figuur al legendaries geword. Alhoewel Bettie Naudé se verhale mank gaan aan onwaarskynlikhede, verstaan die skryfster die kuns om onderhoudend te vertel. Selfs die grootmens leef saam met Saartjie se fyn taktiek om die groot bullebak op sy herrie te speel. Die Saartjie-reeks het seker baie daartoe bygedra om die leeslus by die jong dogter aan te wakker.

Net soos die Saartjie-figuur die lieflingetjie van die jong dogter geword het, het Trompie, met sy goeie karnalliestreke, ook die hart van die jong seun verower. Die nuwe Trompie-reeks No. 1 het onlangs verskyn, met die eerste boekie *Trompie en die mooi meisie*. Vir die seun wat soos Trompie natuurlikerwyse al oor die onderdeur begin loer, sal hierdie werkie van Topsy Smith terdeë geniet. Alhoewel hierdie skrywer se werkies nog nie aan die vereistes van 'n ware kinderverhaal beantwoord nie; daarvoor is sy verhale uit 'n artistieke oogpunt beskou nog te onoortuigend en te oppervlakkig, is Topsy Smith se werkies nie slegs blote verhaalkuns, sonder meer nie. Hy kan 'n situasie lewensgroot uitbeeld bv. Trompie se verleentheid in die kerk as hy nie sy 2½ sent kan vind nie. As hy dit uiteindelik na baie gesukkel in die voering van sy baadjie kry, is sy uitroepie van oorwinning, darem so naief-spontaan: *Omie! Hier's dit! Ek het dit gekry!* En hoe mooi word die orige drie manskap van die Boksombende nie in die volgende woorde getipeer nie: *ou Rooie met sy skurwe voete, die ondeunde maar skander klein Dawie en die lui, traak-my-agtige, kouende ou Blikkies!*

Die beste werkie het ek vir heel laaste gebêre nl. *Die gekraakte kabbassie*, deur J. C. L. Strydom. Die tema van dié werkie is die enkelingetjie onder die naturellekinders. Dis die klein Vusi wat sy hart sal uithuil as hy saam met die veewagters veld toe sal moet gaan, want hulle sal op

hom skel en hom bespot. Hy is die seun van die hooghartige Zandile wat nie soos sy broers is nie. Hy sal nooit as soldaat van 'n regiment ingelyf kan word nie omdat sy geluk in die skeppingsdrang van kleifigure lê. *Hy is 'n kind wat rusteloos beweeg in 'n wêreld waar hy nie wil wees omdat hy dit nie verstaan nie.* Hoe min weet ons tog van die lief en leed van die swartkind? Dis 'n boekie wat seker in elke biblioteek tuis hoort. Ek kan my voorstel met watter verbasing 'n naturellekind wat Afrikaans aanleer, die werkie sal lees waarin sy eie sieleleed in 'n vreemde taal uitgebeeld word. Strydom as uitbeelders van die naturellesiel hou groot potensialiteite in. Die boekie is mooi, stewig gebind, die druk groot en die taal suiwer. Dis 'n werkie wat ek graag aanbeveel. Mag ons nog meer sulke werkies uit die skrywer se pen verwag!

B. LE ROUX.

TOENEMENDE AANTAL VERTALINGS

In die afgelope aantal jare het 'n „nuwe” verskyning, naamlik die vertaalde boek, al hoe meer in ons letterkunde en in die boekhandel, pertinent onder die aandag gekom. Dié verskynsel het beslis gekom om te bly en om voort te bestaan. Blykbaar word die vertaalde boek in ons literatuur aanvaar.

Ons uitgewers is natuurlik genoop om elders manuskripte te gaan soek. Waarna word daar gesoek? Word die heersende markdwang alleenlik in die oog gehou? Gelukkig blykbaar nie, want egte vertaalkuns wat kan bydra tot die opwekking van bv. ons prosaliteratuur het reeds verskyn o.a. in die vorm van W. E. G. Louw se vertaling van „Die Legende van die Heilige Julianus die Herbergsame” (uitg. Human en Rousseau) en „Die Os en Esel van die Krip” wat deur Elisabeth Eybers vertaal is (uitg. Human en Rousseau). Hierbenewens het talle ander vertalings in die Afrikaanse boekmark getree.

Benewens kulturele verruiming kan die vertaalde boek van werklik literêre gehalte die banale boek — al is dit dan ook van inheemse herkoms —

sterk teëgaan in die boekwinkel as die prys so iets sou toelaat, maar ongelukkig is vertaalde boeke dikwels nog duur. Kopers van die goeie boek sal kopers van die goeie boek bly, terwyl kopers van die banale boek nog kopers van daardie soort boek sal bly. Daarom is dit goed om by die kind te begin en die jeug in aanraking te bring met die beste leesstof van vroeg af, soos die firma Tafelberg-Uitgewers met sy reeks vertaalde kinderlektuur tans doen. Hierdie saak beywer hom op nougesette wyse om slegs die bekwaamste vertalers se dienste te verkry, en die boeke is almal op hoë peil versorg in alle opsigte. Onderstaande lys boekies is werklikwaar 'n aanwinst vir ons letterkunde.

Onderwysers in Afrikaans aan Engelsmediumhoërskole en Bantoe-onderwysers in stedelike gebiede wat Afrikaanse voorgeskrewe boeke moet behandel, kla dikwels oor verwysings in voorgeskrewe boeke wat hulle leerlinge se gevoelens kwes — miskien kan die vertaalde boek wat „neutraal” staan hierdie leemte aanvul?

Die goeie boek bly 'n wapen in die stryd teen kultuurloosheid, hetsy in vertaalde of inheemse stofomslag, en ek glo die vertaalde boek van hoë literêre gehalte kan alleenlik 'n aanwinst vir die Afrikaanse letterkunde wees.

Vertaalde Kinderlektuur:

- A. Die ATO-Reeks, uitgegee deur Afrikaanse Pers-Boekhandel:
Klaas van der Geeste — Brand in Boortoring nommer Twee — 'n boek vir die hoërskoolseun van omtrent 14, 15 jaar.
Klaas van der Geest — Tenkboot Arcturus — 'n seeverhaal vir seuns van omtrent 15, 16 jaar.
- B. Die Klein Kadette, uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers:
 Klein Kadet nommer sewe: *H. M. Denneborg — Die Wildeperd Balthasar* — uit die Duits vertaal deur Santie Grosskopf — 'n boekie vir kinders van omtrent 7, 8 jaar.
 Klein Kadet nommer nege: *Ursula Wölfel — Die Rooi Rower* — uit die Duits vertaal deur S. Vivier

— vir kinders van 8 tot 10 jaar. Albei boekies is in 'n lekker, los Afrikaans geskryf, en in 'n woordeboek wat nie buite die aangeduide ouderdomspeile se verstaanvermoë sal val nie.

- C. Die Kadet-reeks, uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers. Hierdie reeks is vir ouer kinders as bogenoemdes bedoel:

Kadet nommer sewe: *Henri Bosco — Die Ligte Voetstap* — uit die Frans vertaal deur Jan Rabie — vir kinders van 15 tot 17 jaar en ouer. 'n Gawe vertaling.

Kadet nommer agt: *Henri Bosco — Die Spookjakkals* — uit die Frans vertaal deur Eddie du Plessis — 'n boek vir hoërskoolkinders. 'n Vlot, leesbare vertaling.
 Kadet nommer elf: *L. N. Lavolle — Sleutels van die Woestyn* — uit die Frans vertaal deur G. P. K. Kirsten — 'n verbeeldingryke verhaal vir kinders van 13 tot 15 jaar.

- D. Ander Vertalings wat deur Tafelberg-Uitgewers gepubliseer is vir die ryper jeug:

Alan Honour: Die Rykaard met die Piek — uit die Amerikaans vertaal deur A. Crafford — dit is die boeiende verhaal van Heinrich Schliemann wat Homerus se stad, Troje, opgegrawe het.

Alan Honour: Skattegrot — uit die Amerikaans vertaal deur A. Crafford — die verhaal van die ontdekking van Hebreeuse dokumente in 'n grot naby Betlehem. Albei hierdie werke dra geen sweem van Afrikaans as „vertaaltal” nie, en is as jeuglektuur genome, paslik, didakties en hulle kan nie sterk genoeg vir skoolgebruik en eiebesit aanbeveel word nie.

C. W. A.

- H. J. en C. E. de Jager: **MUSIEK-GESKIEDENIS DEUR DIE EEUE.** Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, s.j., hersiene en uitgebreide uitgawe, prys R1.50.

Met hierdie „hersiene” uitgawe het die APB die musiekonderwys 'n baie slegte diens bewys. Ek vra myself af, hoe 'n musiekonderwyser wat die ruim 200 bladsye deurgeworstel het, hom

sal voel as hy dit moet voorskrywe. Want — en ek sê dit met baie jamerte! — die boek skiet in alle opsigte te kort.

Die minste wat ons van skrywers van 'n geskiedenisboek mag verlang, is seker wel dat hulle noukeurig en betroubaar in hulle mededelings en jaartalle is. Maar as ek my 10(tien!) volgetikte bladsy met op- en aanmerkings deurkyk, sien ek allerlei onge-regtighede i.v.m. die sterfjaar van Richard Strauss, die geboorteplek van Gluck, die tydstip waarop Haydn se Die Skepping en Die Jaargetye ontstaan is, die toonsoort van Schumann se Derde Simfonie, die vermelding dat Beethoven se bykomstige musiek van die Ruïnes van Athene 'n . . . kantate sou wees ens., ens. Dufay sou, volgens die skrywers, 'n Hollandse „kampvegter” (vir musiek) gewees het, maar sover ek kan nagaan, het hy nooit 'n voet in Holland gesit nie. Ook in die aardrykskunde van die Europese vasteland is die skrywers maar sleg tuis: Praag lê bv. in die Ryngedebied en die land waarvan dit die hoofstad is, Boheme, reken hulle tot Skandinawië. Hulle vergeet dan weer om wel Finland te noem en so verneem die leser dus ook niks oor Jean Sibelius nie. En wat moet 'n mens dink van die onwaarheid dat Rossini se „operas vandag meestal aan die vergetelheid toevertrou” is? Lees die outeurs nooit 'n musiektydskrif nie?

My tweede beswaar is dat die skrywers onvoldoende eerbied vir die grootmeesters van die toonkuns het. Ek kan dit nie verdra nie dat hulle gemodelike skouerkloppies aan Brahms, Schumann en Schubert gee, omdat hulle die Duitse kunslied tot 'n hoë peil van . . . *bruikbaarheid* en voortreflikheid gevoer het! Händel se bydrae tot die Engelse kerkmusiek was „lofwaardig”. En Chopin het „keu-rige” musiek gekomponeer!

Die skrywers het blykbaar in die afgelope tien jaar (die eerste druk was in 1952) nog maar min gevorder met hulle verafrikaansing van titels. In baie gevalle is dit maar van: „Engels is alles; ek wort somar naar.” Dit is volkome juis as Engelse komposisies in Engels vermeld word. Maar waarom diskrimineer die skrywers dan t.o.v. Franse, Duitse of Italiaanse komponiste? Wil hulle vir die duidelikheid vertaal, laat dit in 'n Afrikaanse boek dan Afrikaans wees en in elk geval geen deurmekaarboerdery van twee tale in een titel soos: *Rhenish* Simfonie (Schumann); *Messes der Orpheonistes* (Gounod), ens., ens. En waarom moet die sterwende Haydn (wat mos so swak in Engels was) nog voor sy laaste asem die Oostenrykse Volkslied driemaal in Engels sing?

En wat te sê oor die amper ontelbare druk- en spellingsfoute?! Wie dink daar by „menuete” nog aan 'n sierlike agtiende-eeuse dans? Party komponiste-name is vrywel onherkenbaar. Dieselfde slordigheid heers ook van die begin tot end in die gebruik van Afrikaans, om oor die styl maar heeltemal te swyg. Ek volstaan met 'n paar voorbeelde: „'n ontwikkeling het *posgevat*: 'n volksliedjie word in 'n styl *gegiet*: Chopin is *tot* sy siekbed gekluister” en die allermooiste: Franz Liszt was „'n sieraad en groot kunstenaarsgestalte wat uit die klavier opstyg, soos die digter Jan Celliers uit die Suid-Afrikaanse Vlakte”!!

Kan ons dan heeltemal niks positiefs in hierdie boekie aanwys nie? Ja, die berugte goeie bedoeling. Maar die tyd is verby dat ons in Afrikaans tevrede mag wees met Tollens se bekende versreël: „En rekena d't uitslag niet, maar telt het doel alleen.”

JAN BOUWS.

Elata-Handeldrukkery (Edms.) Beperk, Johannesburg.

